

A
371.98
BOT

DIE STRYD OM MOEDERTAALONDERWYS IN NATAL.

Met 'n Spesiale voorwoord van

- Prof. J.C. van Rooy

Voorsitter van die N.I.O.O.

(van die F.A.K.)

deur: DS. L.N. Botha, M.A.,
M.Th.

I N H O U D .

Spesiale Voorwoord	Prof. van Rooy.
Voorwoord	Skrywer.
Hoofstuk 1.	Vroegtydige stappe in die Stryd.
Hoofstuk 2.	Verdere stappe.
Hoofstuk 3.	Memorandum: Taalmedium-beleid in Natalse skole. Antwoord van Uitvoerende Raad.
Hoofstuk 4.	Finale besluit van die Aksiekomitee.
Hoofstuk 5.	Beknopte oorsig van stryd te Pieter- maritzburg. Aanhangsel A The Local Situation Aanhangsel B Oproep van Natalse Aksiekomitee. Aanhangsel C Notule van Protes- vergadering van Ouers. Aanhangsel D. Telegram: Eerste Minister aan Administrateur. Aanhangsel E Telegram: Administrateur aan Eerste Minister. Aanhangsel F. Telegram: Afrikaanse ge- meenskap aan Eerste Minis- ter. Aanhangsel H Brief dr. K.C. Pienaar. Aanhangsel K Onderhoud Kerke met Eerste Minister. Aanhangsel L Ander belangrike Tele- gramme.
Hoofstuk 6.	Die stryd in Durban

VOORWOORD.

Die behoud van die Afrikaanse skool en suiwer Moedertaalmediumonderrig, bring in die Engels georiënteerde Natal, 'n moeilike stryd vir die Afrikaner. Nie alleen het 'n eentalige owerheid diktoriale seggingskap in die onderwys nie, maar dit ontbreek die Afrikaner aan 'n eie pers waardeur voorligting gegee en magte saamgesnoer kan word. Die hulp van 'n koerant is tog by uitstek 'n noodsaaklike wapen om so 'n kultuurstryd aan te durf, waardeur 'n standpunt gepropageer en die geleedere gesluit kan word. Vandaar ons innige dank aan die N.I.O.C. (Nasionale Instituut vir Opvoeding en Onderwys van die F.A.K.) vir die druk van hierdie brosjure en die verspreiding daarvan. Hierdie vlugskrif is goedgekeur deur die Aksiekomitee van die Moedertaalkongres van Natal in noue samewerking met die onderwyskommissie van die N.G. Kerk van Natal. Dis die draer van die sugtende, maar moedige siel van die Natalse Afrikaner in die skaduwees van die nag. Dis ook die besuinklank wat ons volk uit die sluimering moet wek en oproep tot frisse waaksaamheid en aksie. Vir hulle wat waardig en eervol stry word die daerend uit die nag gebore.

Ook in Natal het die Kerk van die begin af die bedreigde taalbelange in die skoolonderrig van die kind aangevoel, en getrou, sonder aarseling, soos die verlede van die Kerk getuig, besliste stand ingeneem teen enige poging om die beginsel van suiwer moedertaalmedium-onderrig vir die Afrikaanse kind te verwater. Eers het die Kerk alleen opgetree deur sy onderwyskommissie, maar later, nadat die Kerk 'n Taalmediumkongres in Februarie 1943 te Ladysmith byeengeroep het wat verteenwoordigend was van alle Afrikaanse liggame in Natal, het daar verenigde aksie uitgegaan van 'n Aksiekomitee wat deur die Kongres aangewys is. Voortaan sou hierdie Aksiekomitee as mondstuk dien van die hele Natal.

Die Taalmedium vraagstuk moet nie verwar word met die kwessie van tweetaligheid nie. Ons onderskryf die beleid van

tweetaligheid/.....

tweetaligheid nie. Ons onderskryf die beleid van tweetaligheid, nie alleen in teorie nie, maar ook in die daad. By ons is dit nie net vroom lippetaal nie. Die Natalse Afrikaner is deurgeans tweetalig, iets wat seker nie geld vir die Engelse Nataller en veral nie die Durbaniet nie. Kennis van die tweede taal word verkry deur die goeie wil en die begeerte om dit aan te leer, en deur langer tyd daaraan te bestee as vak. Waar hierdie primêre vereistes ontbreek, sal die aanwending van 'n vreemde of tweede taal as medium, koud, en sielloos en onvoldoende blyk. Daarby bly een van die hoof doeleindes van alle onderwys altyd om vakkenis te verskaf.

Die Afrikaanse Christelik nasionale skool met die Moedertaal as grondslag van onderwys en onderrig, is vir die Afrikaner opvoedkundig, sielkundig, en godsdiensdig-nasionaal die gesondste, net soos die talle Engelsmediumskole van Natal die gesondste is vir ons Engelse medeburgers.

Die skoolstryd in Natal het 'n krisis bereik met die aantesting en verbrokkeling van die enigste twee Afrikaansmedium-Hoërskole in Natal, naamlik die Port Natalse Hoërskool te Durban en die Voortrekker-Hoërskool te Pietermaritzburg. Die stryd het veral tot 'n breekpunt (klimaks) gekom toe die ouervereniging van Pietermaritzburg en die Natalse Aksiekomitee aan die begin van die huidige skooljaar ingegryp het om die voortbestaan van die Voortrekker-Hoërskool te probeer handhaaf.

In die geval van die skoolstryd te Pietermaritzburg is geen plek in die brosjure afgestaan aan breedvoerige statistieke om aan te toon hoedat die nuwe beleid van die Natalse owerhede die Voortrekkerskool aantas en met verloop van enkele jare, sal laat doodbloei nie. So is daar ook nie baie aandag gewy aan getalle van leerlinge om aan te toon hoedat daar voldoende klaskamerruimte is in die Voortrekkerskool vir baie meer as 650 kinders nie.

Getalle is gegee met betrekking tot die Port Natal

Hoërskool/.....

Hoërskool in Durban en dieselfde gevolgtrekkings en algemene beginsels soos in die geval van Durban, geld ook vir Pietermaritzburg. Duplikasie van gegewens om dieselfde resultate te bewys is oorbodig.

Hierdie oorsig van ons Taal- en skoolstryd in Natal neem nie in aanmerking die groot werk wat met verloop van jare verrig is deur sulke liggane soos die Sinodale kommissie en Moderatuur van die N.G. Kerk van Natal, (nog voor die Onderwyskommissie in die lewe geroep is) die Saamwerk-Unie van Afrikaanse Kultuurverenigings vanaf sy stigting in 1917, die Natalse Christelike Vroue Vereniging en ander organisasies nie.

Mag hierdie vlugskrif daarin slaag om die ware toedrag van sake van die skoolstryd in Natal aan ons volk bekend te stel en ons hele land aan te spoor om met moed en durf te handhaaf en te bou.

Ons innige dank aan mnr. B.L. Mitchell (Pietermaritzburg) en ds. H.F.V. Kruger (Durban) vir hulle vriendelike medewerking.

W.G. L.N. Botha.
(voorsitter, Aksiekomitee,
Moedertaalkongres, Natal.)

"Die Postorie",
LADYSMITH,
Natal.
6 Junie 1944.

HOOFSTUK 1.

VROEGTYDIGE STAPPE IN DIE STRYD.

Reeds op die sinode van die Ned. Geref. Kerk van Natal te Newcastle op 15 April, 1942 is eenparig besluit om by die Direkteur van Onderwys en by die uitvoerende bestuur van die Natalse Provinsiale Raad te protesteer teen die nuwe beleid van die onderwys-departement om geleidelik suiwer Moedertaal-mediumonderrig te laat vervang deur 'n dubbelmedium stelsel wat sou uitloop op die vernietiging van die Enkelmediumskole. Hierdie Kommissie bestaande uit di. M.W. Odendaal, S.C. van Rooyen, D.P. Laurie, W.A. Gräbe, L.N. Botha en oud. J.J. Boshoff sou die "besluit van die sinode voor die aandag van die betrokke owerhede bring en verder met volmag van die Kerk optree."

Wat het die Kerk dan onrustig gemaak en tot hierdie besluit genoop? Tot op hierdie stadium het ons in Natal parallelmediumskole gehad. In so 'n skool sit die leerlinge van die twee taalmedia in verskillende klaskamers, sodat Afrikaanse leerlinge wat so verkies in alle vakke onderrig ontvang deur hulle moedertaal, en Engelse kinders wat altyd so kies weer onderwys ontvang deur hulle moedertaal. Hierdie stelsel, verkry hoewel vol gebreke in die werklikheid, is in Natal onder veel stryd verkry en na jare van suiwer Engelsmediumonderrig eers toegelaat. Die Afrikaansmedium element in die Natalse parallelmediumskool het egter in sommige groter sentrums soos Durban en Pietermaritzburg deur 'n stadige maar dikker toevloei van Afrikaners in Natal en deur 'n toenemende behoefte by die Afrikaner vir die onderrig van sy kind en sy moedertaal, sterker en sterker geword. Soseer, dat Durban en Pietermaritzburg hulle eie Afrikaans Enkelmediumskole gekry het. Hierdie snelle tempo van Afrikaanse bewuswording in Natal het die owerhede nie aangestaan nie. Toe 'n Kommissie deur die Provinsiale Raad aangestel is om die onderwyswette van Natal te koördineer in 'n korte samevattende wet, het hierdie kommissie eensklaps en sonder behoorlike kennisgewing aan die publiek, getuienis oor die onderwysake van belanghebbende persone en liggame ingewin.

Die Kerk is egter nie aan die slaap gevang nie en het onmiddellik met 'n beredeneerde memorandum voor hierdie Kommissie sy opwagting gemaak deur di. S.C. van Rooyen, J.E. van Heerden en L.N. Botha. Die rammelings en persverslae oor die bedreiging van die Enkelmediumskool het die Kerk met sorg vervul oor die aanbevelings van hierdie kommissie en gelei tot die bogemelde sinodale besluit. Toe die Kommissie op 21 Mei, 1942 sy Konsep-onderwysordonansie nr. 23/42 voor hom gehad het, het die Kerk bywyse van die vermelde deputasie sy standpunt verdedig veral ten opsigte van artikels 11 en 12 van hierdie voorgestelde nuwe onderwysordonansie. In die volgende hoofstuk word hierdie twee artikels verduidelik. Reeds met die aanvang van hierdie onderhoud het die Kerk versoek om gehoor te word in die offisiële taal van die land, wat dan ook die taal is van meer as 20,000 Afrikaners wat die deputasie van die Kerk verteenwoordig. Aangesien die voorstanders van die nuwe onderwyswetgewing deur die veranderde wetgewing tweetaligheid geog, sou hulle tog seker na 30 jaar sedert die Unie bymagte wees om albei offisiële tale te verstaan en te spreek - en derhalwe 'n praktiese bewys lewer dat hulle dit ernstig meen met so 'n kreet oor die noodsaaklikheid dat ons kinders tweetalig moet word. Die Kerk se teleurstelling was dus groot toe hierdie versoek geweier is as gevolg van al die Kommissielede se onmag om selfs in die geringste, Afrikaans te verstaan wat nog van praat. Die deputasie van die Kerk was verplig om hulle te bedien van die ander offisiële taal van die land, naamlik Engels, wat hulle dan ook kon doen.

Die uitslag van hierdie onderhoud met die owerhede, nog voordat die verkragting van die moedertaalonderrig in ons Natalse skole en die geleidelike vernietiging van die enigste twee Afrikaansmediumskole in Natal (Voortrekker Afrikaansmediumskool, Pietermaritzburg en Port Natal Afrikaansmediumskool, Durban) wetgewing geword het, het op niks uitgeloop nie. Enige dae daarna is die Konsep-wetgewing, sonder in agneming van die standpunt van die Natalse Afrikaners, deur die Provinsiale Raad aanvaar en het Art. 11 en 12 van die nuwe onderwysordonansie Nr. 23/1942 van krag geword in ons Natalse skole.

Art. 11 en 12 van die nuwe Onderwysordonansie Nr. 23/42.

In Mei 1942 het die Provinsiale Raad van Natal hierdie onderwysordonansie die lig laat sien. Punt 11 van die ordonansie het andermaal bekragtig dat die ouer die keuse moet doen insake die medium van onderrig van sy kind, waarteen die Kerk in die verlede gedurig gestry het. Maar punt 12 was 'n totaal nuwe invoeging wat die geleidelike vernietiging van Moedertaalmediumskole in Natal beoog, waarvan net twee Hoërskole met Afrikaans as voertaal, bestaan.

Wat was die standpunt van die Kerk?

Art. 11. Die Kerk betreur dit dat die keuse van die medium van onderrig in Natalse skole nog altyd in die hande van ouers gestel word. Dit is 'n mistasting in die onderwysstelsel van Natal. Wetenskaplike opvoedkundiges in alle beskaafde lande van die wêreld het lank reeds die beginsel van Moedertaalonderwys as vaste grondslag vir alle onderwys bo die terrein van persoonlike menings verhef en dit verbaas ons om nog so te moet pleit vir die handhawing van so 'n wetenskaplike beginsel in Natal. Selfs die gesaghebbende Broome-kommissie deur die Provinsiale Raad van Natal aangestel om onderwyssake in Natal te ondersoek, onderskryf hierdie beginsel in hul lywige rapport (Art. 91) van Februarie, 1938. Tog is die meerderheid van die kommissie gewillig om die ouer toe te laat om die kind se opvoeding te belemmer deur 'n verkeerde keuse van die voertaal. Indertyd het reeds twee lede van die kommissie, t.w. Ds. M.W. Odendaal en Kapt. G.M. Botha (Rapport bl. 374 - 376) gepleit vir die afskaffing van ouerlike keuse insake medium van onderrig. Die Broome-kommissierapport stel verder vas (Art. 92) dat baie kinders in Natal nie onder-
rig ontvang in hul moedertaal nie en dat die verkeerde keuse veral Afrikaanssprekende ouers tref (Art. 93) Opvoedkundig, sielkundig en kultureel is die saak van die opvoeding van ons kinders in Natal 'n kommervolle. Ons het nog altyd gepleit vir verpligte moedertaalonderwys in ons Natalse skole, net soos in al die ander provinsies.

Art. 12. Rakende punt 12 van die nuwe onderwysordonansie wat die bestaan van die enigste twee Afrikaansmedium-hoërskole in Natal bedreig (Pietermaritzburg en Durban) en die stigting van ander in die toekoms verbied, beweer ons dat dit 'n onreg is teenoor die Afrikaanssprekende deel van die bevolking. Die Kerk glo dat enkelmediumskole uit 'n opvoedkundige, sielkundige en godsdienstige oogpunt, die natuurlikste en gesondste is vir beide blanke rasse. Let op die volgende feite:-

Volgens die Broome -kommissie verslag (Art. 84) is daar in 1938 in Natal, 163 staatskole. Hiervan is 108 Engelsmediumskole, 20 Afrikaansmediumskole, terwyl 35 albei tale besig. Alle privaatskole in Natal is Engelsmedium. In 1939 was daar 272 privaatskole in die Unie, almal enkelmediumskole met Engels as voertaal. Engelsmediumskole bestaan in ons land vir meer as 100 jaar. En nou beoog hierdie nuwe ordonansie die vernietiging van die enkele Afrikaansmediumskole in Natal en verbied die ontwikkeling van sulke skole in die toekoms. Hoe so.

Die artikel bepaal dat vanaf 1943 kinders in std. II, behalwe die tweede landstaal, wat nie hul huistaal is nie, ook nog in hierdie taal as medium 'n ander vak moet lêer. Elke jaar sal 'n standerd bygeneem word totdat die hele skool in 9 jaar so ingerig is. Die keuse van die vak wat in 'n vreemde medium gedoseer word, is die prerogatief van die skoolhoof. Dit hoef nie noodwendig elke dag dieselfde vak te wees nie. Die pedagogiese beginsel van moedertaalmediumonderrig, veral in die laer klasse, kom hier in ernstige gedrang. Dit behoort selfs ons minister van onderwys, mnr. J.H. Hofmeyer, te laat sidder.

Die Kerk het sy standpunt publiek gemaak in die Kerkbode van 30 Desember, 1942 met die volgende besluit van die Sinodale kommissie:-

1. Die Kerk van Natal kan en mag hom nie neerlê by die nuwe ordonansie insake enkelmediumskole nie.

2. Nadat die Kerk met leedwese van hierdie ordonansie kennis geneem het, versoek hy die Uitvoerende Raad van die Provinsiale Raad ernstig en dringend dat hierdie ordonansie nie van terugwerkende krag gemaak sal word nie nl. dat die bestaende enkel-mediumskole sal bly voortbestaan.
3. Die Kerk wil dit graag onder die aandag van die Uitvoerende Raad bring dat hierdie Afrikaansmediumskole met groot opoffering daargestel is, en die ontstaan daarvan groot vreugde veroorsaak het in die harte van ouers en diene wat daarvoor geywer het, Die teleurstelling wat genoemde ordonansie veroorsaak het is dientengevolge groot.

-----oOo-----

HOOFSTUK II.

VERDERE STAPPE.

Die Kerk se stem was tot op hierdie stadium 'n stem wat roep in die woestyn. Die onderwyskommissie van die Kerk het dus nou verlof gekry van die Sinodale Kommissie om alle belanghebbende persone in Natal saam te roep tot 'n kongres te Ladysmith op 20 Februarie 1943. Hoewel die Direkteur van Onderwys van Natal en die vier lede van die Uitvoerende Raad uitgenooi was om persoonlik die gevoel van hul Afrikaanssprekende landgenote op die kongres te leer ken, het hulle geskitter deur hul afwesigheid. Van heinde en ver het afgevaardigdes na die kongres gestroom en is die volgende liggeme verteenwoordig:-

1. Alle Kerkrade en gemeentes van die Ned. Geref. Kerk. Kerk van Natal.
2. Ned. Herv. of Geref. gemeentes van die Transvaalse Kerk in Noord Natal.
3. Die Geref. Kerk.
4. Die Saamwerkunie van Kultuurvernigings.

5. Die Natalse Christelike Vroue Verenigings.
6. Die Natalse Onderwysersunie.
7. Die oewervereniging van Pietermaritzburg.

'n Groot aantal belangstellendes uit alle dele van Natal het die verrigtinge bygewoon.

As sprekers het opgetree:-

Dr. G. Nienaber, N.U.K.
Prof. dr. C. Coetzee, P.U.K. vir C.H.O.
Prof. dr. J. de W. Keyter O.V.S. U.K.
Dr. G.F. Hugo, Harrismith.

Die volgende besluite is deur die kongres geesdriftig en unaniem aanvaar:-

1. Die kongres betreur dit dat die opvoeding in Natalse staatskole steeds belemmer word deur die handhawing van die ouerlike keuse in die vasstelling van die medium van onderrig van die kind. Volgens die Broome-verslag is dit altyd die Afrikaanse ouer wat die verkeerde keuse doen met betrekking tot die medium van onderrig vir die kind. Dit is die Afrikanerkind wat skade ly. Dit word aan twee oorsake toegeskryf:-

- (a) Omdat die verkeerde opvoedkundige beleid vir baie jare in swang was.
- (b) Omdat dikwels die fasiliteite ontbreek het vir die ouers om die regte keuse te kon doen.

Hierdie verteenwoordigende kongres dring aanhoudend daarop aan dat hierdie mistasting in die onderwysstelsel van Natal verwyder word en vra namens meer as 20,000 Afrikaanssprekendes in Natal die verwerping van Art. 11 van die Nuwe Onderwysordonansie Nr. 23/42.

In die plek van ouerlike keuse word bepaal dat elke leerling in ons Natalse staatskole onderrig ontvang deur middel van die amptelike taal wat hy die beste ken en verstaan, soos dit in die ander drie provinsies die geval is. Hierdeur word die univormiteit met al die ander provinsies bereik in 'n beginsel wat deur kollektiewe ervaring as die beste uitgewys is.

2. Die kongres neem met diepe besorgdheid en teleurstelling kennis van die skepping in Natal van 'n nuwe soort skoolbeleid soos bepaal deur Art. 12 van die nuwe onderwys ordonansie nr. 23/1942, waardeur die wetenskaplike erkende pedagogiese beginsel van moedertaalonderrig in ernstige gedrang kom sodat moedertaalskole of enkelmediumskole geen bestaan moet hê nie.

Die kongres glo dat enkelmediumskole opvoedkundige, sielkindige sowel as godsdienstig-nasionaal, die natuurregterlikste en gesondste is vir beide blanke rasse in Natal.

3. Die kongres bevind dus dat alle gronde wat in aanmerking kan kom by die organisasie van skoolopvoeding ten gunste is van die moedertaalskool of enkelmediumskool.

4. Die kongres dra dit op aan 'n kommissie van 12 persone om die Afrikaanse publiek oor die saak voor te lig.

5. Die kommissie sal die sienswyse van die kongres voorlê aan die betrokke outoriteite in Natal en aan die minister van onderwys. Aan die eerste deur 'n afgevaardiging van 'n kommissie van drie en aan die laaste deur middel van 'n memorandum.

6. Die kongres dra dit aan elke afgevaardigde en aan die verskillende liggame wat hulle verteenwoordig op om hierdie saak in eie omgewing te bevorder.

7. Indien die vertoë nie die gewenste uitwerking het nie, moet die kommissie weë en middele bereken om die uiteindelijke verkryging van enkelmediumskole te bewerkstellig en die herstel van suiwer moedertaalmediumonderrig vir ons kinders in Natalse skole verkry.

8. Die kongres benoem die volgende as lede van die kommissie met reg om hoogstens twee by te voeg:-

Ned. Geref. Kerk Natal

Ds. L.N. Botha

Ds. D.P. Laurie

Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal in Noordelike Natal.	Ds. F.A.J. v.d. Merwe.
Geref. Kerk	Ds. J.P. v.d. Berg
Herv. Kerk	Die predikant onder beroep.
Samwerk Unie	Mnr. J.J. Boshoff Ds. W.A. Gräbe
N.C.V.V.	Mev. ds. J.S. Erlank Mev. A.T. Spies
~~N.O.V.~~	~~Dr. A.J. du Plessis~~
A.T.K.V.	Mev. J.L. Botha
Spoorbond	Mnr. H.J. Strauss.

Onmiddellik na die afloop van die kongres het die kommissie van twaalf ds. L.N. Botha (Ladysmith) as voorsitter aangewys en ds. J.P. van den Berg as sekretaris. 'n Nuwe lid is gekoöpteer in die persoon van Mnr. B.L. Mitchell van Pietermaritzburg.

Hierdie kommissie het besluit om 'n Nuwe Memorandum op te stel van breër omvang, waarin nie alleen geskets word die stappe wat reeds deur die Kerk geneem is, maar daarop gewys word dat die stem van die Kerk tans die stem geword het van die Natalse Afrikanerdom soos op die Ladysmith kongres getoets. Daar is op gewys dat die kongres diep teleurgestel is oor die afwesigheid van die Direkteur van Onderwys en lede van die Uitvoerende Raad op die kongres. Origens het die memorandum behels 'n logiese uiteensetting van die standpunt van die Afrikaner in Natal rakende Art. 11 en 12 van die Nuwe Onderwyswette en gepleit vir hulle verandering teneinde die beginsel van suiwer moedertaalonderrig vir ons kinders te waarborg.

Om die saak baie helder te stel plaas ons in die volgende hoofstuk die memorandum van die taalmediumkomitee van die Ladysmith kongres en die antwoord van die Uitvoerende Raad van die Provinsiale Raad woordelik.

Die memorandum is bepleit deur 'n kommissie bestaande uit ds. J.P. van den Berg, mnr. J.J. Boshoff, mnr. B.L. Mitchell

en ds. L.N. Botha. Net soos by die vorige geleentheid is gevra om die onderhoud te voer in Afrikaans wat alleen kon geskied deur die bemiddeling van 'n Afrikaanse amptenaar as tolk.

-----oOo-----

HOOFSTUK III.

MEMORANDUM: Taalmedium-beleid in Natalse skole son:-

Die Hoogedele, die Minister van Onderwys, Mnr. J.H. Hofmeyer.

Die Direkteur van Onderwys, Natal,

Die Administrateur en lede van die Uitvoerende Raad van die Provinsiale Raad, Natal.

A. Inleiding:

1. Die inhoud van die memorandum behels die medium van onderrig in Natalse skole soos bepaal word deur Art. 11. en 12 van die Nuwe Natalse onderwysordonansie Nr. 23/1942.
2. Die memorandum is die vervulling van 'n opdrag soos gegee deur 'n kongres wat op 20 Februarie, 1943 te Ladysmith, Natal gehou is, verteenwoordigende:-
 - a. Die drie Afrikaanse Kerke in die Provinsie, Natal.
 - b. Die Saamwerk-Unie van Afrikaanse Kultuurverenigings, Natal.
 - c. Die N.C.V.V. (Afrikaanse Vroue Liggeme in Natal).
 - d. Die Helpmekeer in Natal.
 - e. Die Natalse Onderwys Vereniging (N.O.U.)Hierdie kongres is bygewoon deur ongeveer 250 persone uit alle dele van Natal waarvan oor die 100 offisiële afgevaardigdes was, en is onteenseggelik die besliste mondstuk van oor die 20,000 Afrikaanssprekendes in Natal.

Die kongres is byeengeroep en het hom uitgespreek

oor/.....

oor Art 11 en 12 van die Natalse Onderwys-
ordonansie Nr. 23/1942.

3. Die kongres is byeengeroep slegs nadat die
sterkste vertoë gemaak was deur verteenwoor-
digers van die Afrikaanse gemeenskap in Natal
en misluk het, nog voor die nuwe ordonansie
wet geword het.

4. Na hierdie kongres is uitgenooi:-

- a. Die Direkteur van Onderwys in Natal.
- b. Die lede van die Uitvoerende Raad van die
Provinsiale Raad van Natal.
- c. Die plaaslike Provinsiale Raadslid.

met die oog daarop, dat hulle persoonlik kennis
kon maak met die standpunt en gevoelens van hul
Afrikaanssprekende medeburgers en Natal oor hier-
die onderwysvraagstuk.

Slegs die Provinsiale Raadslid het die uitnodiging
aanvaar en die kongres het dit betreur dat hier-
die houding van gesaghebbende outoriteite in Natal
aan minagting grens van die mees heiligste belan-
ge van hul Afrikaanssprekende onderdane, wat hul
taal as die siel van 'n volk beskou.

B. Inhoud.:

Art. 11 Natalse Onderwys ordonansie Nr. 23/1942
bepaal dat die ouer kan kies in watter medium van
onderrig sy kind geleer moet word in ons Natalse
skole.

- (1) As gevolg van hierdie beleid stel die
Broome-onderwyskommissie vas, dat daar
 baie kinders in ons Natalse skole is,
 wat in die verkeerde medium onderrig
 ontvang (Art. 92/Rapport).

Die volgende artikel van hulle rapport
bepaal dat dit uitsluitelik Afrikaans-
sprekende kinders is wat in die verkeer-
de medium opgelei word (Art. 93).

Die Broome-onderwyskommissie konstateer dat

hulle glo in die beginsel van Moedertaalonderwys (art. 91).

Die kommissie verklaar verder dat in die getuienis wat hulle ingewin het, sterk gepleit is vir die afskeffing van ouerlike keuse en dat die huistaal die verpligte voertaal moet wees (art. 96).

Die minderheidsverslag (t.w. Kapt. Botha en ds. Odendaal) van die kommissie bepleit dieselfde (art. 99 en aanhangsel blads. 113).

- (11) Ons ag dit nie nodig om breedvoerig die standpunt te gee van wetenskaplikes op opvoedkundige gebied soos D.J. Saer, Smith, Hughes Williams en die bekende prof. Peter Petersen wat die beginsel van moedertaalonderwys as vaste grondslag vir alle onderwys bepleit.

Dit is minder nodig om daarop te wys dat elke onderwysverenigings in Natal (N.O.U. sowel as N.T.A.) moedertaalonderwys voorstaan.

Asook alle onderwysverenigings in die ander drie provinsies.

- (iii) U is verder daarvan bewus dat alreeds die ander provinsies die kind se medium van onderrig nie afhanklik is van die ouers se keuse en alle kinders volgens wetenskaplik erkende beginsels van moedertaalonderwys, opleiding geniet in die eerste stadium van hul skoollewe.

- (iv) Ons ag dit egter van groot belang om u te verwys na die standpunt van die huidige Minister van Onderwys, Mnr. J.H. Hofmeyer, soos uitgespreek in 'n toespraak in die Parlement en gerapporteer in die "Natal Witness" van 17 Maart 1943:-

"He did not believe that any Government supporter wished to eliminate the principle of home language education. The object of the Provincial Ordinance he had introduced in the Transvaal, had been to apply that principle more fully. He put forward the following principles:- First: Early tuition in the language with which the pupil was most familiar. Second: It was educationally desirable to introduce tuition in the second language during the pupil's school years. Third: It is undesirable to introduce tuition in the second language too early in the

school career. The Transvaal Ordinance of 1911 provided that the home language must be the medium of instruction up to Std. 4. He thought that was educationally sound."

Onder B i tot iv het ons aangetoon dat:-

- (a) Dit in ons Natalse skole die Afrikaanssprekende kind is wat as gevolg van die onderrig deur 'n medium wat verkeerd is, ly.
- (b) Dit spruit direk uit die onwetenskaplike, onpedagogiese, beginsel soos vasgele in Art. 11.
- (c) Die Engelse kind kom nie in die minste in gedrang nie.
- (d) Alle moontlike getuienis, opvoedkundig sowel as andersins, steun die beginsel van moedertaalonderrig.

Namens die Afrikaanssprekendes in Natal, wat enkel en alleen skadelik getref word deur Art. 11 en op wie hierdie Art alleen 'n nadelige toepassing in die praktyk het, word nou gevra:-

dat hierdie artikel verander word sodat die medium van onderrig van alle kinders in ons Natalse skole sal wees die amptelike taal wat hy die beste ken en verstaan, soos dit in die ander drie provinsies die geval is. Hierdeur word uniformiteit met al die ander provinsies bereik en 'n beginsel aanvaar wat deur kollektiewe ervaring as die beste uitgewys is.

(Kongres besluit Nr. 1)

C. Inhoud. Art. 12 van die Nuwe Onderwysordonansie Nr.23/1942.

Hierdie wetgewing bepaal dat vanaf 1943 kinders in std. 2 behalwe die tweede landstaal, wat nie hul huistaal is nie, ook nog in hierdie taal as medium, 'n ander vak moet leer. Elke jaar sal 'n standaard bygeneem word totdat die he le skool so ingerig is.

Hierdie nuwe beleid bring die wetenskaplik
erkende pedagogiese beginsel van moedertaal-
onderrig in ernstige gedrang.

(i) Onder B.1 tot iv word aangetoon dat
moedertaalonderrig onontbeerlik is vir
die skoolkind. Hieruit volg dat selfs die doseer
van een vak in std. 2 deur 'n vreemde medium
noodlottig is vir die kind.

(ii) Die kind moet reeds die tweede taal as vak
aanleer sodat hierdie ekstra las om nou en
nog boonop 'n ander vak in hierdie tweede taal
waarmee die kind nog swoeg, as medium te leer die
posisie van die kind nog hagliker maak. Dit is
noodlottig vir die Afrikaanse kind, maar uiters
noodlottig vir die Engelse kind, veral in die
groot stede soos Durban en Pietermaritzburg, waar
die oorwegende Engelse omgewing die kennis van
Afrikaans van die Engelse kinders uiters onbe-
vredigend maak.

Dit 'n noodlottige fout om die tweede taal
as medium van onderrig te gou aan die skoolkind
op te dring.

(iii) Die taal is die vestrasplek van die ver-
stand. Die verstand ontwikkel alleen
met die behulp van die taal. Die taal is die
kanaal waarlangs die gedagtegang van die mens
stroom. En die gedagtes moet 'n kanaal hê waar-
langs hulle tot uiting kom. En daarom is die
taal so 'n belangrike aspek in die ontwikkeling
van die verstand. As daar nou 'n dubbelmedium-
onderwys is d.w.s. onderwys deur 'n medium wat
nie die moedertaal is nie, vind daar 'n split-
sing in die gedagtegang van die kind plaas, wat
absoluut nadelig is vir sy ontwikkeling. Dit bring
vertraging in die ontwikkeling van die kind. Dit
veroorsaak verwarde denke.

Dit gebeur vanjaar met ons kinders in stan-
dard 2 in ons Natalse skole waar art. 12 konsekwent
toegepas word. Die kind se ontwikkeling word ver-
traag.

(iv) Ons kry 'n geradbraakte taal deur die dubbel-
mediumonderwys en dit lei tot 'n oorhaastige
poging tot tweetaligheid.

Die hoogste ontwikkeling bereik die kind
wanneer hy hom toelê op die taal wat hy aan sy moe-
der se knie geleer het. Ons strewende is tog die
hoogste en beste ontwikkeling vir ons kinders en
tweetaligheid is belangrik, maar nie hoofdoel nie.

In Switserland waar drie tale langs mekaar
staan, word die kinders nie drie tale geleer nie,
maar elke kind kry onderrig in slegs sy eie
moedertaal. En die Switserse volk is tog een van
die egste volke in Europa.

(v) By die skoolopleiding is die taalvraagstuk
as sodanig van fundamentele belang en bete-
kenis. Die taal is die grondslag en middel vir
die skoolopleiding voeding, en sonder die nodige
taalbeheer kan die kind nie goeie ontwikkeling van
gees en verstand deurmaak nie: die taal is tog

die/.....

die grond van die mens se geesteslewe, die medium van sy verstandelike-geestelike ontwikkeling; die mens kan alleen dink in en deur die taal. Daar is 'n innige verband tussen die taalbeheer en ons gedagterykdom en rypheid.

Daar is dus net een middel waardeur die kind opgevoed kan en moet word. Sy Moedertaal.

(vi) Daar bestaan geen onsekerheid by sielkundiges oor die moedertaalmediumvraagstuk.

Hulle weet almal, teoreties en eksperimenteel, dat die deeglike beheer van een taal onmisbaar is vir die gesonde verstandelike ontwikkeling van die kind. Onderwys en opvoeding van die kind in en deur een taal is dus 'n onmisbare voorwaarde vir die behoorlike ontwikkeling en vorming van die kind.

Aen die anderkant staan dit onwrikbaar vas dat twee tale die verstandelike en geestelike ontwikkeling van die kind vertraag. Dit geld veral die denkontwikkeling van die kind. Een-talige kinders blyk die meerdere te wees van tweetalige kinders in menige opsig, veral in die suiwerheid en diepte van hul taalkennis en hul denke.

Alle kinders leer deur die moedertaal beter as deur 'n ander taal. Dit is die bevinding van Owen Edwards op die "Imperial Education Conference" van 1911:

"In the Welshspeaking districts, it is not too much to say that the newer method of teaching by means of home language has practically doubled the efficiency of the schools."

R.F. Alfred Hoernle kom in 1927 tot die slotsom:-

"Dat 'n Engelse kind op 'n Engelsmediumskool 'n voorsprong bo die Afrikaanse kind op dieselfde skool. Of, om dit anders te sê: dat dit 'n belemmering is om op skool onderwys te kry in 'n voertaal wat nie die huistaal is nie"

(vii) Die gebruik van 'n vreemde voertaal veroorsaak ook by die kinders ongunstige geesteshouinge.

Soos: Onoplettendheid, belangeloosheid, onnatuurlikheid.

Gebrek aan geestelike frisheid soos:- Traagheid, vermoeidheid.

Nadelige gemoedstoestande:- Skuheid, skaamte, fyngevoeligheid en veral 'n gevoel van minderwaardigheid.

C.F. Smidt:- "The use of a foreign medium in school affected the mental development and thought of the individual: it caused:- inattention, lack of interest, fatigue, unnaturalness and it prevented the spread

of culture to the less educated class."

(viii) Onderwys deur middel van die moedertaal voldoen aan die moderne opvoedkundige grondreël:-

Dit gaan van die bekende uit na die onbekende.
van die konkrete na die abstrakte.
van die empiriese na die rasionele.
van die besondere na die algemene.
van die enkelvoud na die saamgestelde.

Geen onderwys kan gesond wees wat nie rekening hou met die grondvereistes van die moderne opvoedkundige metodes nie. En 'n onderwys deur enige ander medium as die moedertaal, is 'n verkragting van al die gesonde lewens- en opvoedingseise.

As die skool by die huis wil aansluit - en albei is tog opvoedingsinstellings - dan moet die skool ook aansluit by die huistaal.

(ix) Een van die belangrikste argumente teen enkelmediumonderrig en ten gunste van hierdie nuwe beleid van Art.12 is die sogenaamde ideaal van tweetaligheid. Dit word naamlik beweer dat die enkelmedium of suiwer moedertaalonderrig, die jeug van ons volk nie tweetalig maak nie.

Gestel dat tweetaligheid wel 'n houdbare opvoedingsideaal is, dan bewys die onderwyspraktyk nog dat die Engels van die Afrikaanse kind op die Afrikaanse skool nie noemenswaardig slegter is as die Engels van 'n Afrikaanse kind op 'n Engelse skool nie. Ons laat daarby buite rekening dat die Afrikaans van 'n Afrikaanse kind op 'n Afrikaanse skool ver beter is as die Afrikaans van die Afrikaanse kind op 'n Engelse skool.

Maar tweetaligheid is tenslotte tog geen opvoedingsideaal nie. Geen kultuurvolk van enige stand het nog ooit so 'n ideaal vir homself gestel nie.

In ons tweetalige land moet elke kind tog wel die ander aaptelike taal aanleer en dit geskied tog met sukses in alle staatskole volgens die vereistes van die Ma trikulasie Raad.

Dit word bewys deur:

- a. Die resultate van die Vrystaatse leerlinge uit Afrikaans enkelmediumskole wat die hoogste gemiddelde punte in Engels behaal het in die Unie in die Ma trikulasie Eksamens toe hulle nog aan daardie eksamens deelgeneem het.
- b. Van die studente in die Universiteit Bloemfontein wat tog meesal kom uit die Vrystaatse Afrikaans enkelmediumskole wat Engels neem as hoofvak vir die graad, is 80 % Afrikaanssprekend. Niemand neem 'n vak vir die graad op Universiteit as die skoolopleiding in daardie vak nie grondig was nie.

(x) Die Unie-wet, Art. 137, gee reg aan die standpunt van suiwer moedertaalonderrig. Die wet vorm 'n grondslag van taalgelykheid van die twee Hoof Europese rasse in Suid-Afrika en hierdie nasionale gelykheid kom alleen tot sy reg as die Afrikaanssprekende in Natal ook toegelaat word om in ons Na talse staatskole suiwer moedertaa londerrig te vind vir sy kind.

Namens die Afrikaanssprekendes in Natal word nou gevra dat Art. 12 van die Nuwe Onderwysordonnansie No. 23/1942 verander word sodat suiwer moedertaalonderrig in alle vakke in ons Natalse skole kan herstel word.

(Kongres Besluit No. 2)

ANTWOORD VAN UITVOERENDE RAAD, NATAL, OP MEMORANDUM WAT DEUR DIE TAALMEDIUM-KOMITEE OOR DIE ONDERWYSBELEID VAN NATAL VOORGELê IS.

(1) Onderstaande sin is 'n beknopte samevatting van die TaalmEDIUMkomitee se standpunt soos in sy memorandum vervat: "Maar tweetaligheid is ten slotte tog geen opvoedingsideaal nie. Geen kultuurvolk van enige stand het nog ooit so 'n ideaal vir homself gestel nie."

Met dit as uitgangspunt betoog die komitee dat die onderwysbeleid van Natal verkeerd is en dat die poging om tweeta lige burgers vir die toekoms te lewer deur albei tale op 'n vroeë stadium op skool te gebruik "die verstandelike en geestelike ontwikkeling van 'n kind sal vertraag". Voorts betoog die Taalmedium-komitee dat "die Unie-wet, Art. 137, reg gee aan die standpunt van suiwer moedertaalonderrig". Asook dat "die wet die grondslag van taalgelykheid van die twee Hoof-Europese rasse in Suid Afrika vorm en hierdie nasionale gelykheid alleen tot sy reg kom as die Afrikaanssprekende in Natal ook toegelaat word om in ons Na talse staatskole suiwer moedertaalonderrig te vind vir sy kind."

(2) Die Administrasie kan met nie een van hierdie argumente akkoord gaan nie. Intendeel, met betrekking tot die grondwetlike posisie het die Suid-Afrika Wet slegs vir die gelyke regte van die twee amptelike tale voorsiening gemaak. Die wet maak geen melding van moedertaalonderrig nie. In Natal het die gemeentelike voorreg, wat dwarsdeur Suid-Afrika bestaan het totdat dit by wetgewing van die provinsiale rade van Transvaal, Kaapland en Oranje Vrystaat, weggeneem is, bly voortbestaan. Die ouer se reg om te kies watter amptelike taal as medium van onderrig gebruik moet word, is in ere gehou. Toe die ander Provinsies wetgewing begin aanneem het om onderrig deur die moedertaalmedium verpligtend te maak, het die provinsie Natal in 1916 'n ordonnansie aangeneem om ouerlike keuse te bewaar. Die Natalse Onderwysordonnansie van 1942 het hierdie eeue-oue reg van die ouers slegs by hernuwing vasgelê. Onderrig deur die moedertaalmedium is egter nie hierdeur belet nie en waar daar 15 kinders gevind kon word, ontvang hulle onderrig deur medium van hulle moedertaal as dit die keuse van hulle ouers is.

(3) Met betrekking tot tweetaligheid beweer die Administrasie dat elke nasionale onderwysstelsel daa rop gemik behoort te wees om die kinders so toe te rus dat hulle in verhouding tot hul vermoë die volste aandeel in alle verskillende landsbedrywighede kan neem; en die grondvereiste in 'n land met twee tale is dat hulle tweetalig moet wees. As die kinders nie in die skole tweetalig kan word nie, dan het die skole nie daarin geslaag om hulle vir die lewensstryd toe te rus nie. Hulle is halfgeleerd. Uit die staanspoor is hulle gekniehalter. Die deure van die staatsdiens, wat aan so 'n groot gedeelte van die blanke bevolking werk verskaf, is vir hulle gesluit. Op handels- en nywerheidsgebied sal hul eentaligheid altyd vir hulle 'n remskoen wees. Die aanleer van die ander amptelike taal wat 'n maklike en effektiewe stadium van hul vroeë skoollewe behoort te wees, sal jaar na jaar moeiliker word. Opvoeding wat 'n kind se vermoë om sy bestaan te vind so aan bande lê, is 'n nasionale misdaad.

(4) Presies hoe erg die kinders se skoolonderrig in die ander amptelike taal gestrem is, of dit nou in Natal of elders is, blyk duidelik uit die volgende uittreksel van die Staatsdienskommissie se verslag oor 1941:-

(Vertaling) "Betreklik min rekrute, of hulle nou Engelssprekend of Afrikaanssprekend is, kan op 'n voldoende kennis van die tweede taal (watter van die twee dit ookal mag wees) aanspraak maak Die meeste van die teenswoordige rekrute se kennis van die een of ander van die twee amptelike tale is by indiensneming erg gebrekkig. 'n Hoë standaard van tweetaligheid kan nie aan die einde van die skoolloopbaan verwag word nie, maar die werklike prestasie op hierdie gebied skiet ver kort by die wat as redelike verwagting beskou kan word as die beginsel van absolute gelyke behandeling van die twee tale groter erkenning van die land se onderwysstelsel sou geniet. Sulke kwalifikasies kan met die grootste gemak en doeltreffendheid op skool behaal word maar as toereikende fasiliteite ontbreek, sit dit die nuweling in die diens onnodig terug en word verwesenliking van die ideaal van 'n werklike tweetalige staatsdiens nog moeiliker gemaak."

(5) Die verskaffing van "toereikende fasiliteite" op skool kan slegs op die gebruik van die tweede taal as omgangsmiddeel sinspeel. Nieteenstaande teoretiese argumente om die teenoorgestelde te bewys, het die Natalse onderwysdepartement met die opvoeding van duisende Indiërkinders, wat uitsluitlik deur medium van 'n amptelike taal onderrig ontvang, bewys daarvan gelewer, dat hul opvoeding nie daaronder ly omrede hulle nie onderrig deur die moedertaal-medium ontvang nie. Die meeste Indiërkinders het geen kennis van enige van die amptelike tale wanneer hulle skool toe gaan nie; en aangesien hulle uit verskillende rasse stam en verskillende tale praat, kan min onderwysers al die kinders in hul klas in hul onderskeie tale aanspreek. Tog is dit algemeen die ondervinding dat Indiërkinders in die laagste standaard in 'n skool waar hulle slegs 'n amptelike taal hoor, daardie taal na ses maande magtig genoeg is om die lesse van die klas te verstaan.

(6) Oorspronklik was die oogmerk van die Natalse Onderwysstelsel om fasiliteite te verskaf wat die kinders in staat sou stel om albei tale magtig te word. Gedurende die eerste 15 jaar na Unie was die posisie verward. Totdat die wet op "Offisiële Talen van de Unie" met die bepaling dat die woord "Hollandse" in artikel 137 van die Suid Afrika Wet "Afrikaans" insluit, in 1925 aangeneem is, is Nederlands gedoseer; nadat daardie wet aangeneem is, is Afrikaans in die plek gestel, en Nederlands gestaak. Kinders wat hulle opleiding gedurende daardie eerste 15 jaar na Unie ontvang het, ondervind vandag 'n groot agterstand. Die taalchaos is pas 18 jaar gelede beëindig. Dosente in Afrikaanse leesstof het maar langsaam beskikbaar geword. Nederlandse onderwysers was nie noodwendig goeie dosente van Afrikaans nie. By beoordeling van die vooruitgang van Natal moet met hierdie feite rekening gehou word.

(7) Die Natalse Onderwys Departement was hom altyd sterk bewus van die noodsaaklikheid daarvan om kinders deeglik tweetalig te maak. Aangesien daar in Natal geen skoolrade is om voor te skryf watter onderwysers aangestel moet word of om die ontwikkeling van die onderwysbeleid te beïnvloed nie, was sy strewe in hierdie rigting in die verlede nooit deur politieke bewegings van enige aard belemmer nie. Die Departement was in staat om heelwat aandag aan die praktiese sy van onderrig te wy, en het tot die vaste gevolgtrekking gekom dat doeltreffende tweetaligheid slegs moontlik is as albei tale as omgangsmiddele gebruik word. Die oogmerk van die Nuwe Natalse Onderwysordonnansie was om die foute van die verlede te verhelp en om te verseker dat die kinders die ander taal vroegtydig gebruik en sodoende gedurende hul skoolloopbaan in wese tweetalig word. Namate die ander amptelike taal meer algemeen in die skole gebruik word, en die kind uit 'n tweetalige gesin kom en albei tale versta an, sal die strydvraag van moeder-taal-onderrig klaarblyklik van ondergeskikte belang word.

(8) Die feit dat skole klaarblyklik in gebreke gebly het om burgers te lewer wat deeglik tweetalig is, was die beweegrede waarom die Natalse Administrasie Art. 12 van die Natalse Onderwysordonnansie in 1942 aangeneem het. Genoemde Art. bepaal dat elke kind in Standaard 2 die ander taal, benewens dit as vak te leer, elke dag vir 'n halfuur moet "gebruik" en dat hierdie prosedure jaarliks tot 'n addisionele standaard uitgebrei moet word. Met ander woorde die kind word geleer dat dit 'n lewende taal is. Meesterskap van 'n dooie taal soos Latyn of Grieks, wat alleen uit 'n boek geleer kan word, stel die leerling nog maar net in staat om ander boeke in daardie tale te lees; maar 'n moderne taal en, wat meer is, 'n amptelike taal van hierdie land, is die middel tot gedagtewisseling tussen lewende persone en een van die eerste vereistes by die dosering hiervan is om die leerling te laat beseef, dat hy sy kennis onmiddellik kan gebruik. Vir die leerling val dit uiters moeilik om die taal vlot te leer praat of om die idioome te bemeester as hy nie in 'n omgewing geplaas word waar hy die taal kan hoor en gebruik daarvan as middel tot die opdoen van kennis kan leer beseef nie. In die geval van baie kinders, sowel Engelssprekend (soos in Durban) as Afrikaanssprekend (soos in die kleiner plattelandse dorpe) is hierdie omgewing afwesig. Die ordonnansie is gemik op 'n poging om die nodige omgewing by die skole te skep. Die ordonnansie is nou reeds langer as twaalf maande van krag, en blykens die verslag van diegenes wat vir die toepassing daarvan verantwoordelik is, was die "gebruik" van die taal vir 'n halfuur per dag in standaard 2 'n uitmuntende sukses.

(9) Die beswaar wat in die onderhawige memorandum teen die tweetaligheidsbeleid geopper word, sou daaruit voortspruit dat "hierdie nuwe beleid die wetenskaplike erkende pedagogiese beginsels van moedertaalonderrig in ernstige gedrang bring." Uit wat reeds gesê is, blyk dat die beleid wetenskaplik en pedagogies gesond is. Taal is slegs die middel tot 'n doel, en die aanleer daarvan baat weinig as dit nie gebruik word nie. Die ordonnanse reserveer 'n halfuur per dag waarin die leerling kan besef dat sy tweede taal 'n nuttige middel is om kennis op te doen, en waarin hy nog meer geleentheid het om hom in die gebruik daarvan as spreektaal te oefen. In hierdie verband is die vak self nie van belang nie: dit kan musiek of kuns of enige ander vak wees, want die vak is slegs die aambeeld waarop taalmeesterskap gesmee word. Daar is dus geen bedreiging van die voertaal nie en ook word daar geen verdere las op die kind geplaas nie, want die doel is nie om daardie halfuur 'n vak te doseer nie, maar om die kind aan die gebruik van die taal gewoond te maak en om hom te leer om dit té verstaan.

Natuurlik is dit onmoontlik om binne 'n kort bestek op alle punte wat in die memorandum aangeroei is, te antwoord. Inteenstelling met die memorandum se teorie en algemene bewerings, het Dr. E.G. Malherbe op grond van die toetsing van etlike duisende leerlinge uit alle soorte skole in Suid-Afrika, as volg bevind:-

(Vertaling) "Dikwels is aangevoer dat die gebruik van die tweede taal as medium die kind se "vakke kennis" definitief laat ly, hoewel dit vir die tweede taal self bevorderlik mag wees. Hierdie bewering is beslis weerlê in die geval van tweetalige skole, waar die uitslae in die gewone vakke deurgaans beter is as die wat deur leerlinge in eentalige skole behaal is"

13 September, 1943.

HOOFSTUK 4.

FINALE BESLUIT VAN DIE AKSIEKOMITEE.

Soos kan begryp word was die antwoord van die Uitvoerende Raad teleurstellend. Die Taalmediumkomitee was nie geneë om verder met die outoriteite te onderhandel of om 'n noukeurige weerlegging te gee van die antwoord van die Uitvoerende Raad nie. Die tyd vir verdere onderhandeling was verby. Die aandag word egter bepaal op twee punte van hulle antwoord.

Onder punt 5 lees ons: "Nieteenstaande teoretiese argumente om die teenoorgestelde te bewys, het die Natalse Onderwys Departement met die opvoeding van duisende Indiër-kinders, wat uitsluitlik deur middel van 'n amptelike taal onderrig ontvang, daarvan bewys gelewer, dat die opvoeding

nie/.....

nie daaronder ly omrede hulle nie onderrig in die moedertaalmedium ontvang nie. Die meeste Indiërkinders het geen kennis van enig van die amptelike tale wanneer hulle skooltoe gaan nie; tog is dit algemeen die onder-vinding dat Indiërkinders in die laagste stander in die skool, waar hulle slegs 'n amptelike taal hoor, daardie taal na ses maande magtig genoeg is om die lesse van die klas te verstaan."

Hierdie woorde wemel van teoretiese stellings en onbewese gevolgtrekkings. Dis 'n teoretiese stelling om te beweer dat die opvoeding van duisende Indiërkinders in Natal nie daaronder ly, omdat hulle uitsluitlik deur medium van Engels onderrig ontvang nie. Watter wetenskaplike toets is daar ooit in hierdie opsig uitgevoer? Tot watter hoogte en intellektuele bekwaamheid sou hierdie duisende Indiërkinders nie geklim het as hulle onderrig ontvang het in die Indiese dialek wat hulle huistaal is nie? Waarom sal duisende Engelse kindertjies se opvoeding totaal geruineer word as hulle, soos die duisende Indiërkinders in Natal, ook deur medium van een van die amptelike tale uitsluitlik onderrig ontvang, en die slag deur Afrikaans? Toe hierdie merkwaardige argument van die owerhede onder die aandag van een van die Indiërleiers op onderwysgebied gebring is, het hierdie Indiër-onderwyser van jare ondervinding en hoof van een van die grootste staat-skole in Natal gesê:-

"Vra die owerhede hoekom daar talle van privaat Indiërskole in Natal is, waar duisende Indiërkinders deur medium van een van die Indiërtale onderrig ontvang."

Of luister na die woorde wat uit die mond van 'n Indiese opvoedkundige kom:-

"Ek is een van daardie persone wat glo dat indien opvoeding iets werkliks moet wees, dan moet dit op natuurlike wyse met die lewe van die volk wat dit wil opvoed, verbind wees. Dit was nie die geval met die onderwysstelsel wat ons sedert die middel van die 19de eeu ontwikkel het nie. Die gevolg oor die algemeen is rampapoedig. Ek is daarvan oortuig dat die meeste van hierdie gebreke sou vermy kon gewees het as ons volhard het om ons eie tale as media van hoër onderwys te gebruik..... 'n Atmosfeer van onnatuurlikheid omhul die werk wat in ons opvoedingsinrigtings gedoen word. 'n Vreemdeling sou ons metodes van onderwys dwaas tot buitensporigheid toe vind. Hy sou byvoorbeeld die belaglike toneel aanskou van 'n groep Indiese seuns wat onderrig in hul land se geskiedenis ontvang deur middel van 'n taal wat nóg hul moedertaal is, nóg die van die onderwyser s'n. Laat ons onself een oomblik in daardie besoeker se plek stel en ons eerlik afvra of absurditeit ooit verder kan gaan. Opvoeding wat op so'n kunsmatige wyse verkry word, kan nooit die lewenskrag word wat dit behoort te wees nie. Ek huiwer om te dink waar Japan vandag sou gestaan het as hy sy taal net so onpatrioties en onnatuurlik behandel het soos ons oor ons taal opgetree het; of Engeland as hy sou toegelaat het dat Latyn die enigste medium van onderrig gebly het".

(Bls. 91 - 94: Dringende vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, deur Prof. Dr. J. de W. Keyter).

Onder punt 8 van hulle antwoord lees ons:

"Die ordonnansie (Art.12 No. 23/42) is nou reeds langer as twaalf maande van krag en blykens die verslag van diegene wat vir die toepassing daarvan verantwoordelik is, was die "gebruik van die taal vir 'n halfuur per dag in standaard 2 'n uitmuntende sukses".

Hoe kan beweer word dat die nuwe wetgewing wat eers in Februarie 1943 van toepassing gemaak is met die opening van die skole, reeds in Augustus 1943, langer as twaalf maande van krag was, met die Juliemaandvakansie tussenin, gaan alle verstand te bowe. Korrekte berekening bring dit op 6 maande en om so'n opvoedkundige eksperiment in so'n korte tydbestek te toets, is alleen die prerogatief van die Uitvoerende Raad van die Provinsie van Natal. In onderhoude wat ons gehad het met talle van onderwysers van standaard 2 klasse, het dit geblyk dat hierdie toepassing van Art. 12 alles behalwe 'n uitmuntende sukses was in die paar maande wat verstryk het.

HOOFSTUK 5.

BEKNOPT OORSIG VAN DIE STRYD TE PIETERMARITZBURG MET BETREKKING TOT DIE VOORTREKKER-HOËRSKOOL EN DIE C.N.O. BEWAARSKOOL.

1. GROEI:
 - (a) In die jaar 1923 is Afrikaansmediumklasse in Pietermaritzburg gestig maar as onderafdeling verbonde aan 'n Engelsmediumskool.
 - (b) In Augustus 1927 is die huidige Voortrekker-Hoërskool gebou (tot 1937 bekend as die Afrikaans-mediumskool).
 - (c) Tot 1937 was die aantal leerlinge op die rol minder as 300. Daarna het die aantal leerlinge met gemiddeld 100 per jaar aangegroei tot 1942 toe die 800 merk bereik is.
 - (d) Van tyd tot tyd is deputasies gestuur na die Onderwysdepartement en/of die Uitvoerende Komitee om te vra dat groter klasruimte voorsien moet word; by drie verskillende geleenthede is die bestaande geboue ook uitgebrei.
 - (e) Aan die begin van 1943 het 'n deputasie die Uitvoerende Komitee weer gespreek en na 'n vriendelike ontvangs is belowe om op die meriete van die saak in te gaan; geen melding is deur die Uitvoerende Komitee gemaak van 'n aanslag op die Enkelmedium-skool nie.

2. EERSTE AANSLAG: In Junie en weer in Augustus 1943 is uit betroubare bronne verneem dat die Natalse Administrasie besluit het (a) om die sekondêre klasse van die Voortrekker-Hoërskool te verwyder - die seuns in te lyf by Harward Sekondêre Skool, en die dogters by Russel Hoërskool (albei Engels-mediumskole)
(b) dat die Voortrekker-Hoërskool dan by Std. 4 sou ophou.
3. Ouers se Reaksie: Die Natalse Aksie-komitee wat deur die Taalkongres te Ladysmith benoem is, het in September 1943 'n onderhoud gehad met die Uitvoerende Komitee. Die deputasie het die plaaslike situasie (kyk aanhangsel A) pertinent onder die Uitvoerende Komitee se aandag gebring. Die Administrateur het ontken dat hy iets van die plan geweet het; Die Direkteur van Onderwys, wat aanwesig was, kon die plan nie ontken nie.
4. Ouers se Posing tot Oplossing: Verteenwoordigers van die ouers het 'n vriendskaplike samespreking met die Direkteur van Onderwys in die Imperial Hotel gehad om hom op hoogte van die wense van die plaaslike Afrikaners te stel. Die Direkteur van Onderwys het selfs aan die hand gedoen, dat 'n aparte Afrikaansmedium Primêre skool naby die huidige Voortrekker-Hoërskool gebou kon word; hiermee het die ouers genoeg geneem, maar mnr. Banks, die Direkteur van Onderwys, het later ontken dat hy soiets voorgestel het.
5. Tweede Aanslag: Teen die einde van November 1943 het die Administrateur die lede van die vorige Deputasie uitgenooi om die Uitvoerende Komitee te ontmoet. Tot die ontsteltenis en verontwaardiging van die afgevaardigdes moes hulle verneem dat hulle geroep was om die Uitvoerende Komitee se vonnis oor die Voortrekker-Hoërskool te verneem, en nie om met die Uitvoerende Komitee die saak te kom bespreek nie.
Die Vonnis het gelui: (a) Die Administrateur het besluit dat die kwota van die Voortrekker-Hoërskool 650 leerlinge sou wees,
(b) die huidige aantal (800) sou stelselmatig verminder word tot 650 deur (i) geen beginners (klas I) in 1944 toe te laat nie, (ii) geen klas II in 1945 en, indien nodig, geen Std. I in 1946 nie - totdat 650 bereik is.
(c) die aldus uitgeslote beginners sou in 1944 'n Afrikaansmedium seksie vorm by die Boomstraat Bewaarskool, vanwaar hulle tesame met die beginners van 1945 in 1945 na die nuwe parallel-mediumskool in Robertsweg sou gaan.
6. Protesvergadering: Op 10 Desember op 'n goed bygewoonde vergadering van ouers, het 'n departementele afgesant gepoog om die ouers te oortuig dat die Onderwysdepartement in die belang van die Afrikanerkind gehandel het. Hy is uitgelag en die verontwaardigde ouers het die volgende onbestrede resoluë aangeneem: "Die Afrikaanssprekende ouers van Pietermaritzburg protesteer ten sterkste teen die diskriminasie teen die Afrikaner-kind, en eis vir die Afrikaner-kind dieselfde regte en voorregte as wat die Engelssprekende kind te Pietermaritzburg ghiet - nl. 'n Afrikaansmedium Bewaarskool.

Die Afrikaanssprekende ouers weier beslis om hulle kinders na die Engelsmedium Boomstraat Bewaarskool te stuur."

7. VERDERE VOORSTELLE DEUR OÜERS GEDOEN: Die Dagbestuur het skriftelik die volgende voorstelle gedoen:
- (a) dat 'n aparte primêre Afrikaansmediumskool gebou word of
 - (b) dat Boomstraat Bewaarskool aan die Afrikaners oorhandig word, of
 - (c) dat die Status Quo gehandhaaf word en dat die nodige fasiliteite by die Voortrekker-Hoërskool verskaf word, en dat geen leerlinge uitgesluit word nie.

Hierdie billike eise is sonder meer van die hand gewys.

8. TWEEDE PROFESVERGADERING: Die Dagbestuur van die Aksie-komitee en die Ouerverenigingbestuur het op die middag van 24 Januarie 1944 vergader om die toestand te bespreek. In die aand van 24 Januarie was die Soepsekamer van die Stadhuis stampvol van Afrikaners om deel te neem aan die beraadslagings. Daar is die volgende besluite geneem:

- (a) Die ouers protesteer teen die diskriminasie teen die Afrikaanse kind en weier beslis om hulle kinders na die Boomstraat Engelsmediumskool te stuur, waar hulle 'n minderheidsgroep sal vorm onder 'n eentalige Engelssprekende hoof.
- (b) Die ouers stuur 'n deputasie bestaande uit dl. Erlank (Pietermaritzburg) en Botha (Lady-smith) na die Eerste Minister te Kaapstad om ons goeie saak voor hom te pleit.

9. VOI HARDING: Op die môre van die eerste skooldag van 1944 (25 Januarie) is 66 leerlinge op die sypaadjie voor die Voortrekker-Hoërskool toegang geweier en die leerlinge en hulle ouers het in optog gestap na die Boomstraat-Kerksaal, wat as voorlopige skoollokaal sou dien. Mevv. ds. Erlank en B.L. Mitchell en mej. Chrissie Malan het opgetree as leerkragte. Op plegtige wyse het ds. Botha, voorsitter van die Aksiekomitee, die nuwe C.N.O. Bewaarskool geopen.

10. VERSLAG VAN DEPUTASIE: Op 7 Februarie 1944 het die deputasie na generaal Smuts, verslag gedoen voer 'n stampvol stadhuis.

- (a) Onverrigtersake moes hulle terugkeer. Die generaal het sy hande in onskuld gewas deur die hele saak 'n provinsiale aangeleentheid te maak. Hy het dit nie as 'n skending van sy belofte aan die kerk, dat bestaande Enkelmediumskole ongeskonde sou bly, beskou nie. Heaton Nichols is die Afrikaner se grootste vriend, so beweer hy. (Gelag!)

(b)/....

- (b) 'n Verklaring van die Aksie-komitee is toe deur ds. Botha gelees (kyk Aanhangsel B).
 - (c) Telegramme van bemoediging en ondersteuning van heinde en verre is verder gelees onder blyke van groot geesdrif.
 - (d) Daar is bekend gemaak dat die aantal leerlinge by die C.N.O.-Bewaarskool nog steeds aanwas en die 80 merk nader - daarteenoor is daar slegs 5 leerlinge in die sg. Afrikaansmedium-klas by die Engelsmediumskool in Boomstraat.
 - (e) Onder luide applous is eenparig besluit om 'n eie C.N.O. Bewaarskool te Pietermaritzburg te stig wat as voedskool kan dien vir die Voortrekker-Hoërskool, teen wie se voortbestaan die hele stryd gemik is.
 - (f) Verskeie aanbiedinge van bedrae tot £ 50 (ds. Erlank) word op staande voet genotuleer.
11. Die plaaslike Ouerbestuur het dadelik kollektelyste la at druk, en met die handtekening van ds. Erlank die land ingestuur.
12. Die meubels van die Bewaarskool is deur plaaslike ondersteuners gemaak.
13. Die N.I.O.O. kon eers later vergader, en tot blydschap van die plaaslike ouers, het die N.I.O.O. hom bereid verklaar om alle verantwoordelikheid te aanvaar.
14. Prof. ^{J.C.} ~~Joan~~ van Rooy en dr. Eben Greyling, verteenwoordigers van die N.I.O.O., het Pietermaritzburg besoek en die plaaslike Natalse aksie goedgekeur. Hulle het die voorgenome bouplanne bespreek en leiding gegee. Met betrekking tot die Kollektelyste is ooreengekom, dat plaaslike Kollektelyste as offisiële lyste beskou sou word, en dat alle bydraes voortaan na die N.I.O.O. gestuur moes word.
15. Provinsiale Raadslid G.I. van Rooyen, het hierna sommige ouers met die versoek om die besprekings met die Uitvoerende Komitee te heropen, genader, teneinde 'n oplossing te vind. Ds. Erlank en mnr. Mitchell, in hulle private hoedanigheid, het 'n onderhoud gehad met mnre. Power L.U.K., Hoskings L.U.K., mev. van Niekerk L.P.R., en mnr. van Rooyen L.P.R. Ds. Erlank en mnr. Mitchell het aan die persone verduidelik dat die saak uit die hande van die plaaslike skoolkommissie gegaan het, en dat hulle met die N.I.O.O. of met ds. Botha, voorsitter van die Natalse Aksie-komitee, kon skakel, as hulle begierig was om die saak te heropen.
16. PERSEEL EN GEBOU: Die plaaslike skoolkommissie was steeds op die uitkyk na 'n geskikte bouperseel waarop 'n waardige skoolgebou moes verrys. So'n perseel is b.v. die blók op die hoek van Boomstraat en Pinestraat. Die kommissie het egter gevrees dat hy geen permit of boumateriaal sou kry nie, en het derhalwe op 26 Mei, deur bemiddeling van die N.I.O.O., die perseel en gebou van Cross en Gebers, Victoriaweg 116-118, vir £ 5500 aangekoop. Met die nodige veranderings sal die bestaande lokaal 300 leerlinge huisves.

17. Vandag is daar 86 leerlinge op die rol van die Bewaarskool, met drie leerkragte om hulle te versorg.
18. Die Dagbestuur van die plaaslike skoolkommissie is gretig dat die band tussen die Voortrekker-Hoërskool en die nuwe skool heg en intiem sal wees en daarom het hulle besluit op die naam: VOORTREKKER-C.N.O.-BEWAARSKOOL, PIETERMARITZBURG.
19. Een van die sterkste argumente vir die vermindering van die getalle van die Voortrekker-Hoërskool is die gebrek aan klaskamerruimte. Iet op die volgende feite:

	<u>Klaskamers</u>	<u>Leerlinge</u>	<u>Totaal</u>
<u>Ou deel:</u>	21	30 elk	630.
<u>Nuwe deel:</u>	6	40 elk	240.
	<u>27</u>		<u>870</u>

Die 27 klaskamers huisves met gemak 870 leerlinge.

Van hierdie 27 klaskamers word:

- Een gebruik as 'n laboratorium,
- Een as 'n Kookkunskamer,
- Een as 'n kamer vir Tikwerk en kommersiële vakke.

Hierdie drie kamers bevat 32 leerlinge elk, dws. 96 leerlinge tesame. Hoewel hierdie drie klaskamers tesame met die ander 24 as gewone klaskamers diens moet doen, en soos in elke ander skool spesiale kamers gegee word vir laboratoria, kookkuns, en kommersiële vakke, is dit nie die geval by die Voortrekker-Hoërskool nie. Dit skakel dus dadelik ruimte uit vir 96 leerlinge.

As ons nou hierdie getal nog aftrek van die moontlike totaal van 870 leerlinge, dan bly daar nog ruimte oor vir 774 leerlinge. En tog beweer die outoriteite dat die getal verminder moet word tot 650 weens gebrek aan ruimte vir die steeds groeiende getalle van die skool.

Daar is ruimte vir 774 leerlinge. Daar is ook ruimte vir 870 leerlinge as die gewone prosedure gevolg word soos in Engels Enkelmediumskole, waar spesiale klaskamers ingerig word vir laboratoria, ens. Tog word nou beweer dat die ruimte so beperk is, dat die getalle verminder moet word tot 650.

AANHANGSEL A.

THE LOCAL SITUATION.

1. In Pietermaritzburg we have the following Government controlled Single Medium High Schools:
Boys College, Girls High, Russel High, Harward, Voortrekker High.
2. Now rumour has it that it is the intention of the Executive Committee to merge the Voortrekker High School, Russel High and Harward into TWO Dual or Parallel-medium Schools. In other words, Voortrekker High School, the only Afrikaans-medium School, disappears altogether.
3. If this is so, and, Gentlemen, it is for you to deny or to affirm this rumour, the Afrikaans-speaking public has every right in accusing you of discriminating against them. I know that discrimination is an ugly word to sling at the heads of such honourable men as members of the Executive Committee, but we are prepared to prove the charge.
4. Any English-speaking parent in Pietermaritzburg, who desires to exercise his democratic right to select the school to which he wishes his child to go, can exercise that right. He can send his child either to the proposed Dual-or Parallel-medium School OR he can send his child to one of the Single-medium Schools, Boys' College or Girls' High.

What about the Afrikaans-speaking parent? If the Voortrekker-High ceases to exist, he is FORCED to send his child to the Dual- or Parallel-medium Schools; for he has no choice. If that is not discrimination, I do not know the meaning of the word.

5. Further, Gentlemen, if Dual- or Parallel-medium education is such a good thing, why restrict its benefits to the three Schools? Why should the interests of the future Citizens, now attending Girls' High School and Boys' College, be so deliberately neglected - why should they not share in the benefits?
6. No, Gentlemen, we believe that Parallel-medium Schools in Pietermaritzburg are doomed to failure - for this reason. In order to obviate the evil consequences which result from minorities and majorities, it is essential that both sections should numerically be equally strong. In other words, there should be as many Afrikaans speaking pupils as English speaking pupils. That is not the case in Pietermaritzburg, where there are in the Schools we have mentioned, about 850 English-speaking pupils as against 150 Afrikaans-speaking pupils.
7. And, Gentlemen, we gather from newspapers that you have decided on this policy in order to give the rising generation an opportunity of learning to know each other, an opportunity of learning each other's language; why debar pupils from such Schools as College, or Girls' High School, from this privilege?

In/.....

In our modest opinion their need is more urgent than that of pupils attending the Voortrekker High-School. We challenge you, gentlemen, to instruct your Director of Education, to set parallel tests in English for the pupils of the Voortrekker-High-School and in Afrikaans for the pupils of Girls' High School and Boys' College, and compare the results!

8. We plead with you, Gentlemen, to leave the Voortrekker High School as it is - an Afrikaans-medium School.

We say to you, build your new Dual- or Parallel-medium Schools, but do not co-erce any section of the public to use that type of School to the exclusion of any other type. Co-ercion and force are undemocratic terms; they remind us of what we are fighting to free the world from.

We say to you, build your School, and if the public shares your faith, you will fill it to overflowing, but leave the present Schools as they are.

When your new School is built, then invite the people of Pietermaritzburg to send their children to the new School; if you truly represent the people, the people will follow your lead. If you are truly leaders, you will admit defeat, when people do not follow your lead.

The phenomenal growth of the Voortrekker High School is the proof of the Afrikaans-speaking parents' faith in that type of School for their children.

9. In conclusion, Gentlemen, we respectfully but firmly insist upon a definite statement of your policy with regard to the local situation.

We repeat that we respect and approve your laudable intention of fostering a better spirit of co-operation between the two sections of the rising generation, but, Gentlemen, we believe that you are making a bad start; for by discriminating against one section, you antagonise that section and instead of throwing a bridge across the gulf between the two sections, you are destroying the bridges that already exist, you are actually widening that gulf.

10. Finally, Gentlemen, I wish to remind you that truly strong men do not use force; only those who lack confidence, resort to force. The pendulum has a way of swinging back - minorities become majorities. We have had enough racial bitterness in this country, do you wish to inaugurate another period of racial discord? We cannot believe it!

AANHANGSEL B.

OPROEP VAN NATALSE AKSIEKOMITEE.

WIL £ 100,000 INSAMEL VIR TAAISTRYDFONDS.

Na aanleiding van die Pietermaritzburgse Afrikaanse ouders se finale besluit om 'n eie moedertaalskool te stig, doen die Natalse Aksiekomitee insake Moedertaal-onderwys, die volgende dringende oproep:

"AAN ONS MEDE-AFRIKANERS IN SUID-AFRIKA EN ELDERS
IN DIE UUR VAN ONS NOOD:

Die Aksiekomitee en die Bestuur van die Ouervereniging in Pietermaritzburg het poging na poging aangewend om die Natalse owerheid te beweeg om af te sien van sy besluit om die beginnersklasse van die Voortrekkerskool te verwyder na 'n Engelsmediumskool met 'n eentalige hoof.

Hierdie verwydering van die primêre klasse tot Standaard Een is reeds 'n voldonge feit by die Port Natalse Afrikaansmediumskool in Durban.

'n Afvaardiging is selfs na Kaapstad gestuur om die Eerste Minister se tussenkoms te versoek kragtens sy belofte aan 'n kerkdeputasie in Pretoria op 20 Augustus 1943, dat die bestaande Afrikaansmediumskole nie aangetas word nie. (Aanhangsel K.)

Ons verklaar nou dat nóg die Natalse owerheid, nóg die Eerste Minister 'n oor gehad het vir ons dringende en angsvolle pogings.

Ons verklaar dat ons vas glo dat hierdie handelwyse van die owerheid ons enigste twee hoërskole in Natal met Afrikaans as voertaal aantas en uiteindelik sal laat doodbloei.

Aan die anderkant glo ons in die noodsaaklikheid van die voortbestaan van die enkelmediumskool waar ook deeglike onderrig in die tweede landstaal gegee sal word.

Die Moedertaalskool is vir ons opvoedkundig, Christelik en Nasionaal, die beste.

WIL LAND WAARSKU.

Ons wil die land waarsku dat hierdie poging van die Natalse owerheid om die moedertaalskool aan te tas, spoedig miskien ondervind sal word in die ander provinsies.

Ons aanvaar die uitdaging. Ons aanvaar die uitdaging in naam van ons Afrikaanse volk wat oor die hele land nou presies weet waar ons staan.

Ons roep vanuit die Voortrekkerstad - Pietermaritzburg - om hulp, om hulp vir die Voortrekkerskool in Pietermaritzburg.

As/.....

As hulle dan ons skool en taal wil aanval, dan kwes hulle ons kind en ons siel. As ons hier verloor, sal die aanval al breër en breër loop.

Ons Afrikanerouers van Natal vra hulp. Help ons om ons eie Christelik-nasionale skool te stig en uit te bou in Pietermaritzburg as 'n monument wat sal getuig dat ons ons kinders en ons siel vir ons volk wil behou.

Hierdie monumente sal waarskynlik ook oral in ons land moet verrys.

Daarom vra ons een magtige, bruisende volksdaad vir die insameling van minstens eenhonderdduisend pond.

Voorlopig moet bydraes asseblief gestuur word aan: Ds. J.S. Erlank, Greylingstraat 34, Pietermaritzburg. Met verloop van sake sal aansluiting gesoek word by ander erkende en bevoegde liggame."

Die oproep is onderteken deur Ds. L.N. Botha, voor-sitter, Ds. J.P. van den Berg, sekretaris, en mrs. J.J. Boshoff en B.L. Mitchell.

Afgesien van die £ 200 wat dadelik na afloop van die vergadering in Pietermaritzburg, in die fonds gestort is, is dit ook reeds van elders gestyf o.m. deur 'n bydrae van £ 100 deur mnr. W.P. Boshoff en van £ 10.10/- deur mnr. T.M. Durr van Wolmaransstad.

AANHANGSEL C.

NOTULE VAN PROTESVERGADERING

VAN OUERS

en belangstellendes gehou op Maandag 7 Februarie 1944 om 8 n.m. in die Stadsaal te Pietermaritzburg.

'n Geesdriftige skaar het die ruimte van die Stadsaal gevul, selfs op die galerye was die sitplekke goed gevul.

Toe Di. L.N. Botha, J.S. Erlank en Mnr. Mitchell die verhoog bestyg, het 'n geweldige applous van die gehoor losgebars. Die drie vermelde persone neem hul plek aan die tafel op die verhoog in, onder voorsitterskap van Ds. Erlank.

Ds. J.E. van Heerden, van die Moederkerk, Pietermaritzburg, word vanuit die stoel gevra om die vergadering met gebed te open.

Ds. L.N. Botha lewer nou verslag van die bevindings van die Deputasie wat as afgevaardigdes met die Eerste Minister, Maarskalk J.C. Smuts, onderhandel het. Hy gee 'n

oorsig/....

oorsig van die kostelike hulp wat hulle ontvang het van Ds. A.F. Louw, Agerende Moderator van die Kaapse Kerk en Dr. M.J. v.d. Westhuizen, Redakteur van Die Kerkbode, wat die deputasie vergesel het.

VERSLAG: Die Eerste Minister het ons baie vriendelik ontvang, en ons gou op ons gemak laat voel. Nadat ons ons saak gestel het, het die Eerste Minister verduidelik dat die Administrateur, Mnr. Heaton Nicholls, hom alles oor die saak ingelig het, en dat hy nie kan sien, hoedat daar afgebreek word aan die Taal, of dat die Voortrekkerskool benadeel word nie. Dit word beskou as 'n tydelike reëling om die getalle volgens die beleid van die Administrasie, te huisves. Toe ons aan hom verduidelik dat met die wegneem van die beginnertjies, en later klasse een en twee, en miskien ook nog Std. een of meer, die Voortrekker Hoërskool sou doodbloei, het hy gesê dat die Primêre afdeling tog nie van betekenis is nie. Dit is die sekondêre afdeling wat van belang is, en die behou julle tog!

Ons het gepleit vir die algehele behoud van die Voortrekker-Hoërskool, en gesmeek dat hy sy belofte aan die Kerke en so aan die hele Afrikanerdom, gestand sou doen, naamlik dat die tansbestaande Afrikaansmediumskole nie aangetas sou word nie. Hierop het die Eerste Minister gesê, dat die Administrateur, Mnr. Heaton Nicholls, die Afrikaners goed gesind is, en hulle kampvegter is. Hy het ons gevra of ons nie tevrede is om die sekondêre deel van die skool te behou, en die primêre afdeling van minder belang te beskou aangesien die sekondêre afdeling tog die grootste gewig dra nie. Hierop het ons geantwoord: "Hoekom moet ons kies? Waarom moet ons vir 'n keuse geplaat word, terwyl die Engelssprekendes nie nodig het om te kies nie. Ons wil 'n hele skool hê, van die beginstadium tot by Matrikulasie."

Ons het verduidelik dat die gegewens van die Administrateur nie die juiste toedrag van sake aan hom (die Eerste Minister) voorgelê het nie, maar inteendeel, dat ons saak verdraaid en verkeerd vertolk is.

Ds. A.F. Louw, Agerende Moderator van die Kaapse Kerk, het op hierdie stadium aan die Eerste Minister gesê, dat hy die saak nou van albei kante met alle erns gehoor het, en dat hy oortuig is, dat die Natalse Administrasie, as die beleid uitgevoer word, die Voortrekker-Hoërskool gaan doodbloei. Hy het gepleit dat die Eerste Minister sy gelofte aan die Kerke sal gestand doen, en dat hy sal ingryp en 'n wending bring aan die voorgenome beleid van die Natalse owerhede. Die Eerste Minister het volgehou dat dit nie die geval was, dat die Administrasie van Natal van voornemens is om die skool aan te tas nie.

Dr. M.J. van der Westhuizen het op hierdie stadium pleitend voor die Eerste Minister gestaan en op 'n besadigde, waardige en verstandelike wyse 'n smeekrede gevoer. Hy het gesmeek dat die Eerste Minister op hierdie kritieke stadium sou ingryp; Hy het daarop gewys dat hier 'n pragtige geleentheid vir die Engelssprekendes is om die minder-

heid/..

heid te eerbiedig en te toon dat hulle die Afrikamers in Natal wat die minderheid uitmaak, wil tege-
moet kom.

Ds. Botha sê: "Op hierdie moment het ons werklik gedink dat die Eerste Minister ons gaan help, maar tot ons teleurstelling het hy hom so effens in sy stoel reggeruk, en aan die deputasie gesê: "Ek is nie bereid om in die Natalse Provinsiale sake in te gryp nie, en ek kan vir julle niks doen nie." Hierop het die Eerste Minister opgestaan, en toe hy Ds. Erlank groet, het hy hom die woorde toegevoeg: "Ds., jy moet teruggaan en die vrede gaan bewaar." Op hierdie stadium het die deputasie toe die kantoor van die Eerste Minister met 'n bittere teleurstelling verlaat."

('n Stem uit die gehoor: "Al regte wat ons kry, is wat ons self beskerm.")

Na die verslag van die deputasie, het die Voorsitter Ds. Erlank, die vergadering toegelaat om sake te bespreek. Die gevoelens van die vergadering het by tye baie hoog geloop. Uitbarstings van misnoeë was spontaan, en die Voorsitter het herhaalde kere 'n versoek tot die gehoor gerig om te bedaar, wat dan ook met die grootste agting geskied het. 'n Lewendige bespreking het gevolg en etlike vrae is beantwoord.

VOORSTEL OM OOR TE GAAN TOT DIE STIGTING VAN ONS EIE SKOOL.

Mnr. B.L. Mitchell verduidelik namens die Aksiekomitee, dat as gevolg van die resultaat insake ons vertoë aan die Administrateur, sy uitvoerende raad, aan die Direkteur van Onderwys, en uiteindelik aan die Eerste Minister, wat misluk het, daar vir ons geen ander weg oop is nie, dan alleenlik die STIGTING VAN ONS EIE SKOOL. Hierna het Mnr. Mitchell etlike telegramme voorgelees. Na die lees van die telegramme, het hy namens die Aksiekomitee voorgestel, dat daartoe oorgegaan sal word om 'n eie C.N.O. Primêre Skool te stig waar ons kindertjies kan versorg word. Die voorstel is met 'n juigkreet van die groot gehoor verwelkom, en is unaniem aangeneem. Mnr. Mitchell meld dat Ds. L.N. Botha, namens die Aksiekomitee, bywyse van 'n oproep, die

NATALE MOEDERTAALSTRYDFONDS

in die lewe sal roep.

Toe Ds. Botha opstaan om die oproep te doen, is hy met langdurige gejuig van die gehoor begroet. Hy het as volg begin:

"Wanneer die Afrikanerstroom bruis soos waters van 'n geweldige rivier, voel ek jammer vir dié wat die hand teen die stroom optel. Gelukkig word die gevoel van die Afrikaner dwarsdeur die land getemper deur die verstand. Ons is oortuig dat ons in beproefde tye leef. Daar staan manne met krag in hierdie bruisende stroom om ons te rugsteun. Ons saak is regverdig, en dit kan nie en sal nie toegelaat word, dat ons Godgegewe erfenis verbrokkel en doodgeblœi word nie."

Ds. Botha lees nou 'n brief van Dr. E.C. Pienaar voor aan een van die koerante, wat baie aandoenlik en besielend is (Aanhangsel H).

Ook word etlike besluite van Organisasies oor die hele Unie gelees, waarin hulp en bystand belowe word. Die voordrag is gedurig onderbreek met spontane gejuig oor die besielende boodskappe. Ds. Botha verklaar aan die gehoor dat hy die houding van Generaal Smuts betreur. Hoewel hy belowe het dat hy nie sou toelaat dat aan die bestaande Afrikaanse Enkelmediumskool geraak sou word nie, het hy tog toegelaat dat dit wel gebeur het. Hy lees 'n telegram van Generaal Smuts aan Administrateur Nicholls (Aanhangsel D), asook die antwoord (Aanhangsel E). Ook lees hy 'n telegram wat as laaste poging aan Generaal Smuts gestuur is, en waarop ons geen antwoord ontvang het nie (Aanhangsel F).

Ds. Botha sê dat dit 'n vals berig is, wat deur die Direkteur van Onderwys, Mnr. R. Banks, versprei word, asof die ouers in Durban tevrede is met skooltoestande aldaar. Dwarsdeur ons land word dit geloënstraf deur die protesvergadering van ouers wat in Durban gehou is. Die Administrateur, sy uitvoerende raad, en die Direkteur van Onderwys volhard teen ons. Geen heil is te vinde in die belofte van die Erste Minister aan ons Kerke nie. Ons het onder-vind dat hy in hierdie opsig nie sy woord hou nie.

£ 100,000 OM TE RED WAT ONS EIE IS.

"Ek roep ons Volk op tot die insameling van £ 100,000 as protes om ons eie C.N.O. Primêre Skool te stig in Pietermaritzburg. Die Fonds sal deur die vier provinsies ingesamel word, om te voorsien aan die behoeftes in ons land, waar dit ookal in hierdie skool- en taalstryd mag nodig blyk."

Ds. Botha lees nou die oproep van die Aksiekomitee. (Aanhangsel B).

Aan die einde van die lees het die groot skaar die inhoud met 'n geweldige applous begroet, wat feitelik die gemoedere tot 'n hoogtepunt gevoer het.

Ds. Botha vertel van die groot geesdrif, waarmee die deputasie oral op die reis kennis gemaak het. Dit was bemoedigend: orals was die uitdrukking spontaan: "Julle moet net praat, en vir ons sê wat ons moet doen."

Ds. Erlank versoek nou die 80 ouers wat geweier het om hulle kinders na die Boomstraatskool te stuur, om op te staan, en is hulle met 'n geweldige juigkreet begroet.

Op versoek van die Voorsitter spreek Dr. Richter 'n kort woord van dank uit vir al die hulp wat van oor die breedte en lengte van ons land gekom het, en versoek die vergadering om op te staan en drie huldes aan te hef, as blyk van erkenning en dankbaarheid.

NAME VAN AKSIEKOMITEE OP HOEKSTEEN VAN NUWE C.N.O. SKOOL.

Op hierdie stadium het een van die Moeders opgestaan

om voor te stel, dat die name van die lede van die Aksiekomitee op die hoeksteen van die nuwe skool moes aangebring word, wanneer die skool gebou word.

Mnr. F.P. Stoppelberg rig namens die ouers en belangstellendes 'n hartelike woord van dank aan die Aksiekomitee vir wat hulle tot sover gedoen het, en vir wat hulle nog sou doen.

NATAL WITNESS. Ds. Botha: "Uit liefde vir die waarheid, uit liefde vir ons reg. Vir die tweede keer moet ons teen die pers te velde trek. Ons neem eksepsie teen die wyse waarop die Natal Witness die waarheid verdraai en die publiek mislei het aangaande hierdie stryd."

Hy verwys na die gebeurtenis van die Voortrekker Hoërskool, waar die ouers en leiers in die inleidingsartikel "A Political Issue" as agitators bestempel word. Die beleid van die N.O.U. ten opsigte van die Enkelmediumskool is ook deur die Natal Witness verdraai. Die verslag van die Natal Witness oor die loop van sake, is verkeerd. Die N.O.U., die onderwysersvereniginge in die ander provinsies, ook die Federale Onderwysersunie, is ondubbelsinnige voorstanders van Enkelmediumskole.

Die Natal Witness pleeg bedrog, en ons minag dit. (Hier het die gehoor tot geweldige uitbarstings gekom, en die Natal Witness aanhoudend uitgejou!)

Ds. J.S. Erlank kondig aan dat hy £ 50 tot die fonds bydra, en word gevolg deur Dr. Richter, ook met £ 50. Op hierdie stadium het seker 'n 100 persone in die gehoor opgestaan om te versoek dat hulle name met beloftes van bydraes, aangeteken sal word. Mnr. B.L. Mitchell vra aan die gehoor dat die verskillende liggame hulle bydraes groepsgewyse sal opstel, en dit dan namens die liggame aan Ds. Erlank oorhandig.

Ds. Erlank versoek die aksiekomitee, om na afloop van die vergadering na die Pastorie te kom, om die eerste onderwyseresse aan te stel, en 'n skoolkommissie te kies.

Hierna het die vergadering gesluit met die sing van

DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA.

(Hierdie Notule is opgestel deur Mnr. B.L. Mitchell.)

AANHANGSEL D.

To Administrator, Maritzburg.

In connection with Voortrekker School dispute it has been represented to me that if pupils who would normally feed that school are placed in first instance in new bilingual school they are likely to remain there and not transfer at Standard I stage to Voortrekker School with result that latter school will decline rapidly and may eventually disappear. In view of this I would be glad if you will inform me how far new bilingual school is to go and if it is to go beyond Standard I what are prospects of pupils going on from there at that stage to feed Voortrekker School.

From: Prime Minister.

AANHANGSEL E.

To Prime Minister, Capetown.

Reference your telegram 1st instant. Intention is that Voortrekker Hoërskool shall remain single medium Afrikaans school with maximum of 650. Under existing circumstances no possibility Voortrekkers falling below that maximum enrolment. Class I this year and Classes I and II in subsequent years will attend Boom Street bilingual infants school. Parents must then exercise option provided for in ordinance whether pupils will join Standard I at Voortrekkers or at new bilingual school to be erected. This ensures that children shall not just remain at one school by reason of parents failure to exercise choice.

From: Administrator.

AANHANGSEL F.

Aan: Eerste Minister Volksraad Kaapstad.

Afrikaanse gemeenskap betreur die krasse wanvoorstelling deur Administrateur in antwoord op u telegram X Ondervinding te Durbanse Port Natalse Hoërskool loënstraf Heaton Nicholls se bewering dat skool onaangetas sal bly X Hele Afrikaanse volk steun plaaslike ouers wat tot drastiese optrede gedwing word tensy u onmiddellike tussenkoms skeuring verhoed X Administrasie Natal het ouers se vertroue verbeur U alleen kan vrede herstel X Verwag u beslissing voor massavergadering Afrikanerouers eerskomende Maandagaand.

Van: Ds. Erlank.

AANHANGSEL H.

DIE TRIOMF VAN PIETERMARITZBURG.

Prof. Dr. E.C. Pienaar, Stellenbosch, skryf:

Uit die grond van my hart wens ek u geluk, geagte Afrikanerouers, van die Voortrekkerstad van Piet Retief en Gerrit Maritz!

U pragtige daad van protes sal deur die hele land weerklank vind en inspirerend werk. Want u saak is die saak van die hele Afrikanerdom, die ou saak van die afgelope honderd-en-veertig jaar, die saak van die beskerming van jou eersgeboortereg. En u antwoord op die jongste poging tot verontregting van u kinders en hul taal, is ook die jongste en soveelste triomf van Afrikaans. U het geantwoord op die uitdaging van die huidige magshebbers om u kinders nasionale selfmoord te laat pleeg. Dit is 'n antwoord wat die Voortrekkerstad waardig is, want die voortrekkergees spreek daaruit, die gees wat nog altyd geweier het, tot op die jongste dag sal weier, om slaaf te wees. En dit is ook die antwoord wat die res van ons land sal gee, waar die uitdaging herhaal mag word.

Sal hulle dan nooit leer verstaan nie dat dit tevergeefse moeite is om 'n volk se siel aan bande te wil lê? Ken hulle dan nie ons eie geskiedenis nie? Weet hulle dan nie dat Lord Charles Somerset dit tevergeefs probeer het nie, honderd en twintig jaar gelede nie? Dat Lord Alfred Milner dit tevergeefs probeer het nie, veertig jaar gelede? En hier kom hulle jou waarlik weer met dieselfde afgeleefde en uitgediende ou ding!

Nee /.....

Nee wat, sy blus is lankal uit; Hulle moet 'n ander plan maak, want al wat hulle met daardie magspogings in die verlede bereik het, is, dat hulle 'n gees van onverbiddelike verset en taai stryd by die Afrikaner wakker gemaak het. Dit het hulle nou weer vir die soveelste maal gedoen. En laat ons daarvoor dankbaar wees, want dit hou ons wakker en maak ons sterker, elke slag sterker, en meer doelbewus en daadkrachtiger.

In Somerset en Milner se dae het die reggeaarde Afrikaner Ouers op die poging tot verengelsing van hul kinders (want dit is die kern van die hele saak tenspyte van al die pragtige rookskerms wat opgewerp word) geantwoord met privaat skole. Natalse Voortrekkerstad het geantwoord met die eerste huidige privaatskool. Die res van die land sal daarmee antwoord.

Afrikaners het klaar getriomfeer. Geen mag ter wêreld sal sy verdere triomf stuit nie, want hy is die draer van die volk se diepste siel.

AANHANGSEL K.

UIT DIE KERKBODE, 1 SEPTEMBER 1943, Bls. 187:-

Onderhoud van die Moderature van die Gefedereerde
Nederduits-Gereformeerde Kerke op 20 Augustus 1943 met
Genl. J.C. SMUTS, te Pretoria:-

ENKELMEDIUMSKOLE.

Die pleidooi vir die behoud van die Aparte Skool is min of meer as volg voorgedra:-

Die Nederd. Gereformeerde Kerke bemerk met veront-rusting dat die bestaan van die aparte Afrikaanse skool bedreig word. Hierdie skole het nie as gevolg van 'n skielike greep deur een seksie ontstaan nie, maar is die vrug van historiese ontwikkeling oor baie jare. Ons het dit nie aan een held te danke nie, maar dit het uit die hart van die volkslewe opgegroeï. Dit mag daarom nie deur 'n besluit van bo sommer weer vernietig word nie. Dit moet toegelaat word om verder te groei en desnoods weer nuwe vorm aan te neem.

Oor die opvoedkundige en organisatoriese waarde ten gunste van die aparte skool, wou die afvaardiging nie praat nie. Hulle wys egter daarop dat by die laaste jaarvergadering van die federale raad van Suidafrikaanse onder-wysersvereniginge, wat verlede April gehou is, 'n besluit geneem is ten gunste van die Enkelmediumskool. In stryd hiermee mag sekerlik nie gehandel word, voordat die raad van die deskundiges behoorlik oorweeg is nie. Die Kerke

pleit/.....

pleit vir die aparte skool op nasionaal en godsdienstige gronde soos die volgende: Alleen die eensoortige skool kan kinders vorm tot nasiebewuste burgers. In die veelsoortige skool kan aan die jeugbewegings geen reg geskied nie. Gewoonlik word hulle geheel uitgeskakel, liever as hulle met mekaar te laat bots. Die feesdae word nie waargeneem nie, omdat daar 'n deel is wat telkens afsydig staan. Die hele geskiedenis moet soos koue feitekennis meegedeel word en kan geen invloed in die skool uitoefen nie. Alleen in die aparte skool is ons Afrikaanse taalbelange veilig. Vir die bevordering van die godsdienste is die aparte skool oneindig beter ingerig dan die gesamentlike. Die ondervinding het geleer dat 'n leraar sonder enige vrees die Godsdiensoefening by 'n Afrikaanse skool kan gaan waarneem, terwyl hy by 'n gemengde skool maklik aanstoot gee.

Die Kommissie het daarop gewys, dat die Ouer volgens die Transvaalse wet (die Smutswet van 1907) die reg het om ter enige tyd te eis, dat die ander taal geleidelik ingevoer en daarna gereeld gebruik sal word as 'n tweede voertaal, ooreenkomstig die verstandelike ontwikkeling van die kind. Daar bestaan dus geen rede vir die huidige agitatie teen die Enkelmediumskool nie. Die Ouers moet slegs begin om hulle regte te gebruik as hulle waarlik so sterk oor die saak voel. Die feit dat niemand ooit daaraan dink om so iets vir sy eie kind te eis nie, laat ons twyfel aan die opregtheid van die agitatie. So ook die parallelklasse: hulle het langamerhand in onbruik geraak, hoewel die wet hul reg van bestaan erken. Die deputasie het met nadruk daarop gewys dat enige poging om met dwang die tweede taal as voertaal op groot skaal in te voer, van skool tot skool met protes gepaard sal gaan, en 'n nuwe golf van bitterheid deur die land sal laat gaan. Die Kerk het baie jare gelede sy standpunt oor hierdie saak ingegee, toe dit nog nie 'n strydpunt tussen die partye was nie. Dit moet verwag word dat die Kerk sal voortgaan op dieselfde weg, hoewel ons dit sal betreur om daardeur in die partystryd ingesleep te word.

GENL. SMUTS OOR APARTE SKOLE.

In sy antwoord op hierdie punt het Genl. Smuts ongeveer die volgende gesê:-

"Ons is 'n tweetalige land. Ons Afrikaners het daarop gestaan en het die beginsel van tweetaligheid deurgeveg. In die laaste tyd vind ons dat die Engelssprekendes begin voel dat hulle Afrikaans moet aanleer; dit is ook in Natal die geval. Intussen loop ons Afrikaners gevaar om eentalig te word, veral op die platteland, waar Engels meer en meer soos 'n vreemde taal aangeleer word. As dit so voortgaan, sal ons Afrika ners baie ly. Ons land gaan vorentoe op ekonomiese en industriële gebied; ons bly nie meer bloot landelik nie. Die taal van die industrie is nog Engels en dit is vir ons kinders 'n terugslag as hulle eentalig word. Ek het die grootste vertroue en geloof in ons Afrikaanse volk. Op die gebied van die sedelikheid en op ander gebiede is hy 'n sieraad onder die nasies, al is hy so klein. Gee hulle die kans wat hulle gehad het toe ons as tweetalige jongmense uit die skool gekom het. Moet ons nie bytyds die agitatie van die ouers in die regte rigting stuur nie? Ek

sal/.....

sal die Here dank as hierdie saak uit die politiek gehou word. Ek voel die gewig van die argument omtrent die bevordering van godsdienste op skool. Dit moet baie moeilik wees om op 'n gemengde skool reg aan die godsdienste te laat geskied. Maar ek is nie vir die afskaffing van die aparte Afrikaanse skool nie. Die skool sal sy eie Afrikaanse karakter behou. Ek sien egter nie waarom die kinders nie op 'n later stadium, wanneer hulle enigsins gevorder het, terwille van die tweetaligheid, ook van die tweede taal as voertaal kan gebruik maak nie. Maar ek is geheel daarteen om nou weer 'n nuwe stryd aan die gang te sit in die land. Ons moet saam na planne soek om die tweetaligheid te bevorder. Die Kerk moet in hierdie saak help. As die Kerk die houding inneem dat dit 'n vyandige beweging is, sal ons nie vorder nie. Soos u op my 'n beroep doen, so doen ek 'n beroep op my Kerk om die vrede te probeer behou in hierdie saak; ons moet saam na die oplossing soek."

Minister Hofmeyr: "Ek het in die Volksraad 'n verklaring gedoen. Dit was wel my persoonlike verklaring, omdat die onderwys by die provinsie tuis hoort. Maar u kan aanneem, dat dit die sienswyse van die regering is. Ek het gesê dat ons voel vir die opleiding van tweetalige burgers vir ons tweetalige land. Ek sien egter moeilikhede vir skole met parallelklasse. Ek dink nie dat dit die oplossing bied nie. Ek dink nie daaraan om ons samestelling van ons skole te verander nie. Ek wil nie die King Edward VII High School en die Helpmekaar Hoërskool saamsmelt en twee nuwe skole daarvan maak nie. Elkeen moet bly waar en wat hy is. Maar ek het daarvoor gepleit dat die tweede taal ook ingevoer word as voertaal. So dink die regering."

Genl. Smuts: "Daar rus 'n verbasende verantwoordelijkheid op die Afrikanervolk. In die verlede het ons as minderheid geveg; nou neem ons die leidende aandeel. Ons is nie meer die vernederde volk nie. Ek is vir die weg van vrede. Die Afrikanerdom het sover gewen; moenie die stryd nou in 'n kleinlike gees voortsit nie. Ons voel teer vir sy duurgekoste regte en ons moet onnodige twis voorkom."

Die Afvaardiging het eindelijk nog op hierdie punt gesê dat die Kerke ook graag wil sien dat die volk tweetalig bly. Maar die regte plan moet ontwerp word om tweetaligheid te verkry, sonder om die skool te benadeel. Daar is tog Afrikaanse skole op verafgeleë punte, wat 'n hoë gehalte van tweetaligheid bereik. Maar dan moet die gesindheid reg wees en die lus gewek word om die anderense taal te leer. Dit moet nie met dwang kom nie.

AANHANGSEL L.

ANDER BELANGRIKE TELEGRAMME.

Aan: Generaal Smuts, Uniegebou, Pretoria.

Administrasie Natal het besluit om laer afdeling van plaaslike Voortrekker-skool te verwyder en leerlinge te dwing om minderheidsgroep te vorm by Engelsmedium-skool X Hierdie besluit is strydig u belofte aan Kerkdeputasie en Volk dat bestaande Afrikaansmediumskole onaangetas sal bly X Ouers verlang ernstig u onmiddellike tussenkoms X Ouers verlaat hulle op u belofte X Antwoord asseblief.

Van: Dr. Niemaber,
Sekretaris Ouersvereniging,
Posbus 448.

Aan: Dr. Nienaber Sekretaris Ouervereniging Maritzburg.

Eerste Minister het versekering van Administrateur dat daar geen sprake is van opheffing van die voortrekkerskool en dat alleen bedoel is getalle binne perke van behoorlike en redelike administrasie te hou X Daar is geen inbreak op versekering van Eerste Minister.

Van: Privaatsekretaris.

Aan: O. Shearer, A.L.P. Pietermaritzburg,
Parliament, Cape Town.

Executive Committee has decided to transfer classes 1 and 2 from Voortrekker High School to Boom Street English medium. Afrikaans-speaking parents protest against this discrimination and appeal to you as their representative to intercede on their behalf. Similar appeal has been directed to Prime Minister.

Van: Dr. Nienaber, Sekretaris
Ouervereniging.

Aan:/.....

Aan: Dr. Nienaber, Sekretaris Ouervereniging Maritzburg.

Your telegram shown to Minister Education who advises matter concerns province appeal should be directed to Administrator am writing to Power.

Van: Shearer.

Aan: Eerste Minister Volksraad Kaapstad.

Na aanleiding huidige besprekings tussen regering en provinsiale Administrasie insake onderwysbeleid doen Afrikanerouers Pietermaritzburg weereens dringende beroep op u om u belofte aan Moderatuur van Afrikaanse Kerke na te kom deur Natalse Administrasie te oorreed Voortrekker Hoërskool ongeskonde te laat en nie klasse een en twee te verwyder.

Van: Dr. Nienaber Sekretaris
Ouervereniging.

Aan: Dr. Nienaber Posbus 448 Pietermaritzburg.

U telegram lide X Saak sorteer onder provinsiale Administrasie stel dus voor dat u Administrateur nader.

Van: Privaat Sekretaris
Eerste Minister.

HOOFSTUK 6.

DIE STRYD IN DURBAN.

A. Die Port Natalse Hoërskool in Durban.

1. Voor 1941 was hierdie skool 'n deel van 'n Intermediêre Parallelmediumskool, bekend as die Bulwer Park Intermediêre Skool.
2. Na veel stryd is dit sedert Oktober 1941 toegestaan as 'n Afrikaansmedium Hoërskool met Substanderd I tot en met Matriek.
3. Reeds aan die begin van 1942 is die skool te vol. Ten opsigte van die Primêre afdeling van die skool het die Administrasie dus as volg besluit:
 - (a) Die toevoer tot die skool sal verminder word deur sekere grense in die Stad te bepaal van watter areas alleen leerlinge tot die skool toegelaat sal word.
 - (b) Dat die skool jaarliks 'n juniorklas sal moet prys gee beginnende met Subst. I tot en met St. II.
4. Die volgende tabelle dui duidelik aan hoedat bovermelde besluite van die Administrasie (3a en 3b) die skool aangetas het.

TABEL I.

Primêre Afdeling 1941-1944.

Leerlinge in die skool vanaf Oktober 1941 d.w.s. vanaf die tweede Kwartaal van die skool se bestaan tot April 1944.

	Klas	Klas	Std.	Std.	Std.	Std.	Std.	Std.	Totaal
	I	2	I	2	3	4	5	6	
Okt. 1941	60	55	50	64	80	71	66	81	527
" 1942		40	40	39	63	75	67	85	389
" 1943			45	40	37	74	79	72	347
April 1944				44	56	53	55	86	294

Let wel: Die afbake ningsbeleid en die versnippering van Juniorklasse is vanaf die begin van 1942 toegepas.
Die getalle vir die jare 1943 en 1944 sluit in toelatings van die Macdonaldweg- en Clarenceweg-skole na Std. 3.

TABEL 2./.....

TABEL 2.

Primêre Afdeling
1945-1948.

Hierdie getalle is volgens redelike voorspelling.

	Std. 3.	Std. 4.	Std. 5.	Std. 6.	Totaal
1945	44 24	56	53	55	232
1946	28	68	56	53	205
1947	36	28	68	56	188
1948	42	36	28	68	174

Basis van redelike voorspelling
in Tabel 2.

- a. Std. 2 in 1944 is klas I van 1941.
- b. Daar is geen toelatings benede Std. 3 sedert 1942.
- c. Std. 3 in 1945 (namelik 44) is die Std. 2 van 1944 (namelik 44) plus die moontlike toelatings van die Macdonaldweg- en Clarensesweg-skole vir Std. 3 in 1945, soos die onderstaande tabel duidelik sal aantoon (namelik 24).
- d. Die getalle vir die daaropvolgende jare is gegrond op die huidige getalle van die twee Bewaarskole soos onderstaande tabel sal aantoon.

TABEL 3.

Primêre Afdelings van die twee
Bewaarskole April 1944.

	Klas	Klas	Std.	Std.
	I	2	I	2
Macdonaldwegskool	24	23	14	10
Clarenseswegskool	18	13	14	14
	42	36	28	24

- Let wel:
- a. Reeds in 1941 het daar Afrikaansmedium-klasse bestaan in die Clarenseswegskool, en sedert toe is reeds enkele leerlinge van Std. 3 in hierdie skool toegelaat in die Port Natalse Hoërskool.
 - b. In April 1933 is die primêre afdeling van die toebestaande Bulwer Park Intermediêre Skool 39 leerlinge sterk. Die toevloei is so sterk in die daaropvolgende 8 jaar dat toe die skool in 1941 die status kry van die Port Natalse Hoërskool, die Primêre afdeling in Oktober 1941 527 leerlinge tel.

TABEL 4.

Middelbareklassee.

	<u>Maart</u>	<u>Oktober</u>
1939	76	
1940	104	72
1941	75	60
1942	102	92
1943	114 (Febr.)	108
1944	143 (")	136 (April)

- Aanmerkings:
- (a) In 1945 mag die syfer styg na 155.
 - (b) Dit is twyfelagtig of die getal van 155 in die daaropvolgende jare sal groei.
 - (c) Al sou die getal in 1948 gegroei het tot 180, dan sal die aantal leerlinge tesame met die primêre afdeling van 1948 (namelik 174), (vide TABEL 2) nog geen 400 beloop nie, hoewel die skoolgebou met gemak 640 leerlinge huisves.
 - (d) Die afbakeningsbeleid en versnippering van die Juniorklassee stel vas:
 - i. Geen leerlinge onder Std. 3 word toegelaat.
 - ii. Std. 3 tot 6 word alleen toegelaat uit 'n area begrens deur die Umgeni- en Umbilo-riviere.
 - iii. Geen beperkings word geplaas op Sekondêre klassee.
 - (e) Op eentalige Engelse skole vind ons geen beperkings nie.

B. 'n Paar feite om oor na te dink.

- I. Wat betref die Port Natalse Hoërskool te Durban met Afrikaans as voertaal:
 - a. Alle moontlike klaskamerruimte is tans nie meer in gebruik nie.
 - b. Die getalle van die skool moet noodwendig inkrimp totdat hy of doodloop of verander in 'n dubbel-mediumskool.
 - c. Groot getalle kinders word nou verhinder om hierdie skool te besoek.
 - d. Leerlinge wat toegang geweier word, is verplig om of Engels Enkelmediumskole te besoek of Parallelmediumskole.
 - e. In die Parallelmediumskole kom hulle dan nog voor die keuse om in die Engelsmediumklassee te beland of in die Afrikaansmediumklassee.
 - f. Die enigste twee parallelmediumskole wat die primêre afdeling van die Port Natalse Hoërskool kan voed, is die Macdonaldweg- en Clarenceweg-skool. In hierdie skole:

- i. Is die hoofde eentalig (Engels).
 - ii. Is die Afrikaansmediumafdelings klein, on-
aansienlike aanhangseltjies, wat minder-
waardige plekke in die skool inneem.
- II. In die Sekondêre Afdelings van die Parallelmediumskole is die getal Afrikaansmedium-kindere klein, met die gevolg, dat noodsaaklike vakke vir 'n stadsskool en vir die stadslewe, nie gedoseer word nie. Sulke kindere neem dan hierdie vakke of in Engelse skole, of in die Engelsmedium aan dieselfde skool. Dit bring nog 'n groter leente aan die noodsaaklike toevoer na die Afrikaansmediumskool.
- III. Die Administrasie se beleid is:-
- (a) Prinsipale van skole mag nie meer as 650 leerlinge op die rol hê nie.
 - (b) Nuwe Enkelmediumskole sal nie meer toegelaat word nie.
-

C. Die huidige posisie.

Veel is in die verlede gedoen bywyse van deputasie en andersins om hierdie ontwikkeling te stuit. Die gesaghebendes was nog gedurig horende doof. Na die verdere poging van die Administrasie om hierdie prosedure ook te volg met betrekking tot die Voortrekkerskool te Pietermaritzburg, het die Durban Skakelkomitee van Afrikaners nuwe pogings begin aanwend, om die Durban-situasie te beredder.

Op 18 April 1944 het 'n afvaardiging van die Ouerkomitee te Durban die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad van Natal te Pietermaritzburg ontmoet, en die volgende versoek gestel:

- Dat met betrekking tot die Port Natalse Hoërskool:-
- a. Die grensbepalings verwyder word sodat alle leerlinge die skool kan bywoon,
 - b. Die aantasting van die skool gestaak word en Klasse I tot Std. 2 herstel word.

Die Administrasie bly nog 'n antwoord skuldig, hoewel hulle die Komitee in kennis gestel het, dat die Ouervereniging hulle weer in September 1944 kan ontmoet.

Verdere/.....

VERDERE INTERESSANTE FEITE EN
AANMERKINGS.

1. Afrikaanssprekende kinders in Durban:

a. In Afrikaansmediumskool:

Primêre Afdeling:	294
Sekondêre " :	136

Totaal 430

b. In Parallelmediumskole in die Afrikaansmedium-afdeling:

Volgens opgawe van die Dept.: 720

c. In Engels-Enkelmediumskole en in die Engels-mediumafdeling van Parallelmediumskole: 1700

2. In April 1944 is daar dus 1150 Afrikaanssprekende kinders in Durban wat deur medium van hulle Moedertaal op skool onderrig ontvang. (430 in die Port Natalse Hoërskool, en 720 in die Afrikaansmediumafdelings van Parallelmediumskole).
3. Volgens ons ondersoek is daar ongeveer 3.000 Afrikaanssprekende kinders in Durban van skoolgaande ouderdom. Van hierdie kinders vind ons 1150 in die Afrikaansmediumklasse, sodat ongeveer 1850 in Engels-mediumklasse moet gesoek word.
4. Hierdie getal (1850) in Afd. 3 vermeld, vertoon ooreenkoms met die getal in Afd. I(c) vermeld, naamlik 1700. Ons ondersoek het dan ook getoon dat daar ongeveer 1700 Afrikaanssprekende kinders gevind word in die 40 Engels Enkelmedium- en Engelsmediumseksie van Parallelmediumskole van Durban.
- Die Administrasie wou ons nie toegang tot die skole vergun om die juiste informasie vas te stel.
5. Daar is dus volgens ons waarneming tussen 1700 en 1900 kinders van skoolgaande ouderdom in Durban alleen, wat Afrikaanssprekend is, en onderrig ontvang deur 'n medium wat nie hulle Moedertaal is nie.
6. In die Sondagskole van die drie Afrikaanse Kerke in Durban is ongeveer 1800 kinders.
-

